# DIE STATUTÊRE ERKENNING VAN INHEEMSE REG GEDURENDE DIE BRITSE ADMINISTRASIE VAN TRANSVAAL, 1877-1881

**W.A. Stals**
*Universiteit van Pretoria*

**The statutory recognition of Native Law during the British Administration of the Transvaal, 1877-1881**

Although the South African Republic had recognized native law in certain respects before the annexation of the Republic in 1877, the British administration of the Transvaal felt that no statutory recognition of native law existed and that the blacks should be governed in terms of the laws of the Republic in accordance with Roman Dutch Law or common law. In order to bring about a change in this regard Sir Theophilus Shepstone, the administrator of Transvaal, set in motion attempts in May 1877 to make provision for a judicial system according to which blacks would be governed in accordance with their own laws and customs. However, because of a lack of the necessary legislatsive authority, nothing could be achieved in this connection. In these circumstances and without statutory recognition having been given to native law, H.C. Shepstone, the Secretary for Native Affairs in Transvaal, introduced a number of measures in terms of which civil cases between blacks would be heard according to native law. In June 1880 the Native Administration Law was approved by the Legislative Council which gave statutory recognition to native law. As this law had to be reserved for the approval of the Crown before it could be proclaimed and also because of neglectful handling, the Native Administration Law was only proclaimed as Law No. 11 of 1881 in July 1881.

Hoewel die Zuid-Afrikaansche Republiek voor die Britse anneksasie van die Republiek in 1877 inheemse reg in sekere opsigte erken het, het die Britse regering in Transvaal aangevoer dat daar geen statutêre erkenning van inheemse reg in Transvaal bestaan het nie en dat die swartes ingevolge die wette van die Republiek volgens die Romeins-Hollandse reg of gemene reg regeer moes word. Om 'n verandering in hierdie opsig te bewerkstellig, het sir Theophilus Shepstone, die administrateur van Transvaal, in Mei 1877 pogings in die werk gestel om vir 'n regsplegende stelsel voorsiening te maak waarvolgens die swartes volgens hulle eie reg en gewoontes regeer kon word. As gevolg van 'n gebrek aan die nodige wetgewende mag, kon daar egter niks in die opsig vermag word nie. Onder hierdie omstandighede en ofskoon daar nog nie statutêre erkenning aan inheemse reg verleen is nie, het H.C. Shepstone, die Sekretaris van Naturellesake in Transvaal, 'n aantal maatreëls in werking gestel waarvolgens siviele sake tussen swartes volgens inheemse reg verhoor moes word. In Junie 1880 is die Naturelle-administrasiewet deur die Wetgewende Vergadering goedgekeur waarvolgens inheemse reg statutêre erkenning verkry het. Aangesien die wet eers vir goedkeuring deur die kroon gereserveer moes word voordat dit geproklameer kon word en vanweë die nalatige hantering daarvan, is die Naturelle-administrasiewet van 1880 eers in Julie 1881 as Wet No. 11 van 1881 geproklameer.

Hoewel die Zuid-Afrikaansche Republiek sedert 1876 inheemse reg in sekere opsigte erken het,[1] het die Britse regering in Transvaal na die anneksasie van die Republiek in April 1877, die standpunt ingeneem dat daar geen statutêre erkenning van inheemse reg in Transvaal bestaan het nie en dat die swartes ingevolge bestaande wetgewing volgens die Romeins-Hollandse Reg of gemene reg regeer moes word.[2] Omdat sir Theophilus Shepstone, die

---

1. W.A. Stals, *Die erkenning van Inheemse reg deur die Zuid-Afrikaansche Republiek, Historia*, Jrg. 32, No. 2, September 1987, pp. 68-75.
2. SN 102, pp. 680-681: Memorandum on the Native Population of the Transvaal, opgestel deur H.C. Shepstone, 25.11.1879; C 2584, p. 12, Bylae No. 9, par. 23: Memorandum on the Native Population ... H.C. Shepstone, 25.11.1879.

administrateur van Transvaal, egter ten gunste was van 'n stelsel waarvolgens die swartes volgens hulle eie reg en gewoontes regeer moes word, het dit uit die aard van die saak beteken dat die kwessie van die statutêre erkenning van inheemse reg in Transvaal kort voor lank ter sprake sou kom.

In September 1878 het eerw. Alexander Merensky, die Superintendent van die Berlynse Sendinggenootskap in Transvaal, by sir Theophilus navraag gedoen oor die wenslikheid om die swartes in Transvaal volgens inheemse reg te regeer. As rede hiervoor het hy aangevoer dat baie van die swartes in Transvaal graag volgens die wette van beskaafde nasies regeer wou word. So sterk het die swartes hieroor gevoel dat hy oortuig was daarvan dat daar etlike duisende swartes was wat bereid sou wees om 'n versoekskrif in die verband te onderteken. Die rede hiervoor was dat die Pedi- en ander Noord-Sotho-groepe van Transvaal nie soos die Zoeloes was nie. Sodra hierdie swartes hulle onafhanklike lewenswyse in stamverband laat vaar het, was hulle ook bereid om hulle ou wette en gewoontes prys te gee.[3]

In sy antwoord aan Merensky het sir Theophilus verklaar dat dit 'n belangrike maar terselfdertyd ook 'n baie moeilike saak was om te besluit of die swartes volgens hulle eie of volgens beskaafde wette regeer moes word. Wanneer 'n besluit hieroor geneem sou word, moes die verskil wat daar tussen die beskaafde gemeenskappe en die onbeskaafde stamme in Transvaal bestaan het, in aanmerking geneem word. Volgens hom was die beskaafde wette van die blankes die resultaat van die beskawing en nie die produk van barbarisme nie. Die wette van die blankes aanvaar en erken die bestaan en die mag van die gewone beperkings wat deur die beskawing meegebring word en wat deur die beskaafde gemeenskappe geëerbiedig word. Gesien egter in die lig van die lewenswyse van die onbeskaafde stamme, was dit onmoontlik om sulke stamme doeltreffend te regeer volgens dieselfde wette as dié wat op beskaafde gemeenskappe van toepassing was en wat die toestand waarin die onbeskaafdes nog verkeer het, eeue vooruit was.[4] Verder, dat hierdie onbeskaafde stamme nie alleen nog nie die mate van beskawing bereik het waar hulle die blankes se wette kon verstaan of daarvolgens geregeer kon word nie, maar dat die wette wat vir 'n beskaafde volk geskik was, nie geskik was om vir die spesiale beheer voorsiening te maak wat nodig was vir die bestuur van 'n onbeskaafde volk wat nog onder stamtoestande gelewe het nie.[5] Terselfdertyd egter was die beginsels van geregtigheid net so sterk by die onbeskaafdes as by 'n beskaafde mens en het hulle in dié opsig dus nie van mekaar verskil nie.[6] Sir Theophilus was verder van mening dat dit onmoontlik was om die swartes van Transvaal volgens die gewone wette wat op die blankes van toepassing was te regeer. Gevolglik was hy ten gunste daarvan dat daar vir 'n administrasiestelsel voorsiening gemaak moes word waarvolgens die swartes volgens hulle eie reg en gewoontes geregeer moes word totdat hulle dié mate van beskawing bereik het wat 'n verandering in die opsig sou geregverdig het.[7] Ook was hy van mening dat die aanvaarding van so 'n stelsel tot gevolg sou hê dat die kapteins – teen wie se mag veral die sendelinge te velde getrek het[8] – so te sê amptenare van die Regering sou word, terwyl hulle optrede en besluite aan kritiek en hersiening onderhewig sou wees. Volgens sir Theophilus het 'n stelsel waarvolgens die swartes volgens hulle eie reg en gewoontes geregeer word, reeds vir 34 jaar lank in Natal aan sy doel beantwoord en was hy gevolglik daarvan oortuig dat 'n soortgelyke

3. T. Shepstone Papers, Vol. 33: A. Merensky – T. Shepstone, Botsabelo, 11.9.1878.
4. T. Shepstone Papers, Vol. 71: T. Shepstone – A. Merensky, Pretoria, 17.9.1878.
5. C 2584, Bylae by No. 43, p. 103, par. 22: T. Shepstone se kommentaar op H.C. Shepstone se Memorandum on the Native Population of the Transvaal, 27.2.1880.
6. T. Shepstone Papers, Vol. 71: T. Shepstone – A. Merensky, Pretoria, 17.9.1878.
7. C 2584, Bylae by No. 43, p. 102, par. 20: T. Shepstone se kommentaar op H.C. Shepstone se Memorandum on the Native Population of the Transvaal, 27.2.1880; Vgl. O. Geyser, *Die Bantoebeleid van Theophilus Shepstone, 1845–1875 (A.J.B. vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1968, deel I)*, p. 143.
8. T. Shepstone Papers, Vol. 33: A. Merensky – T. Shepstone, Botsabelo, 11.9.1878.

reëling in Transvaal waarskynlik net so goed sou werk.[9]

**Sir Theophilus Shepstone se proklamasie van Mei 1877**

Ten einde voorsiening te maak vir 'n behoorlike regspleging[10] in Transvaal en vir 'n stelsel waarvolgens die swartes volgens hulle eie reg en gewoontes geregeer kon word,[11] het sir Theophilus in Mei 1877 'n proklamasie uitgevaardig waarvolgens 'n nuwe hooggeregshof bestaande uit 'n enkele hoofregter, in die lewe geroep is. Hierdie hof het jurisdiksie gehad oor sowel Britse onderdane as alle ander persone wat in Transvaal gewoon of hulle daar bevind het. In soverre dit die *blankes* betref, het hierdie hof jurisdiksie gehad oor alle regsake, hetsy siviel, krimineel of gemeng en kon die hof ook alle handelinge van enige laer hof in Transvaal in hersiening neem en 'n appèl teen 'n uitspraak van so 'n laer hof aanhoor.[12]

In die geval van regsgedinge uitsluitlik tussen *swartes*, het die hooggeregshof voorlopig geen jurisdiksie oor enige siviele kriminele of gemengde regsake, gehad nie. Vir die afhandeling en verhoor van sodanige sake sou by wyse van 'n verdere proklamasie, regulasies afgekondig word waarvolgens 'n hof of howe tot stand gebring sou word wat al die sake en regsgedinge tussen swartes sou verhoor waarna in die voorafgaande verwys is. Anders as in die geval van regsgedinge tussen blankes, het die hooggeregshof nie die jurisdiksie gehad om as 'n hersienings- en appèlhof vir sodanige sake tussen swartes op te tree nie.[13]

Wat hierdie bepalings in verband met regsgedinge tussen swartes betref, is daar 'n viertal sake waarop die aandag gevestig moet word. In die eerste instansie was hierdie bepalings die eerste stap om vir die statutêre erkenning van inheemse reg in Transvaal voorsiening te maak. Met verwysing na die bepalings in verband met regsgedinge tussen swartes, het Henrique Shepstone, die seun van sir Theophilus en die Sekretaris van Naturellesake in Transvaal gedurende 1877 en 1881, later aangevoer dat sir Theophilus met hierdie proklamasie die totstandkoming van 'n administrasiestelsel vir die swartes in die vooruitsig gestel het waarvolgens hulle volgens hulle eie reg en gewoontes geregeer sou word. Ook sou die goewerneur of die administrateur as opperhoof oor al die swartes van die Transvaal aangestel word en sou die bevoegdheid aan hom verleen word om Administrateurs van Inheemse reg aan te stel ten einde die swartes volgens hulle eie reg en gebruike te regeer, onderhewig aan 'n appèl na die goewerneur of administrateur as opperhoof.[14]

In die tweede instansie is dit belangrik om daarop te let dat volgens sir Theophilus se proklamasie, alle regsgedinge tussen swartes *voorlopig* van die jurisdiksie van die hooggeregshof uitgesluit word. Die rede hiervoor moet waarskynlik gewyt word daaraan dat hy van mening was dat die swartes nog nie dié mate van beskawing bereik het waar hulle die blankes se wette kon verstaan en daarvolgens geregeer kon word nie. Gevolglik moes die swartes dus vir 'n tyd lank volgens hulle eie reg en gewoontes geregeer word. Om hierdie rede en ten einde die

9. C 2584, Bylae by No. 43, pp. 102-103: T. Shepstone se kommentaar op H.C. Shepstone se Memorandum on the Native Population of the Transvaal, 27.2.1880, par. 20.
10. ZAR 53, *Transvaal Government Gazette*, 19.5.1877: Proklamasie van T. Shepstone, 18.5.1877.
11. SN 102, p. 684: Memorandum on the Native Population of the Transvaal, opgestel deur H.C. Shepstone, 25.11.1879; C 2584, p. 12, Bylae No. 9, par. 23: Memorandum on the Native Population ..., H.C. Shepstone, 25.11.1879.
12. ZAR 53, *Transvaal Government Gazette*, 19.5.1877: Proklamasie van T. Shepstone, 18.5.1877.
13. ZAR 53, *Transvaal Government Gazette*, 19.5.1877: Proklamasie van T. Shepstone, 18.5.1877; ATC 3, pp. 50-51: T. Shepstone – Carnarvon, Pretoria, 13.6.1877; M 414, CO 291/1, Transvaal No. 822: Sir T. Shepstone's Proclamation for Establishing a Court of Justice: T. Shepstone – Carnarvon, Pretoria, 13.6.1877; *De Volksstem*, 6.6.1877 (Het Hoog Geregtshof); *De Volksstem*, 23.5.1877 (Hoofartikel).
14. SN 102, pp. 682-684: Memorandum on the Native Population of the Transvaal, opgestel deur H.C. Shepstone, 25.11.1879; C 2584, p. 12, Bylae No. 9, par. 27 en 28: Memorandum on the Native Population ..., H.C. Shepstone, 25.11.1879.

opening te laat om later 'n verandering in hierdie opsig aan te bring, het sir Theophilus dus alle regsgedinge tussen swartes voorlopig buite die jurisdiksie van die hooggeregshof geplaas.

Derdens moet daarop gewys word dat die hooggeregshof steeds jurisdiksie oor ernstige misdade soos moord, manslag, ens. behou het. Weliswaar het die proklamasie waarvolgens die hooggeregshof tot stand gekom het, geen melding van sodanige misdade gemaak nie, maar die feit dat hulle nie uitgesluit was van die jurisdiksie van die hof nie, het beteken dat die hof sy jurisdiksie oor hierdie misdade behou het.[15] Trouens, sowat twee maande na die afkondiging van die proklamasie, het die Koloniale Sekretaris, Melmoth Osborn, die versekering gegee dat ofskoon daar in die proklamasie geen verwysing na hierdie misdade was nie, hy nietemin oortuig was daarvan dat dit nie sir Theophilus se bedoeling was om sodanige sake buite die jurisdiksie van die hooggeregshof te plaas nie.[16]

Laastens, met die oog daarop dat die hooggeregshof geen jurisdiksie oor regsgedinge tussen swartes gehad het nie, is daar in die proklamasie waarvolgens die hooggeregshof in die lewe geroep is ook voorsiening gemaak vir die afkondiging van 'n proklamasie waarvolgens 'n hof of howe in die lewe geroep sou word om sodanige sake te verhoor[17] en die regspleging onder die swartes te reël.[18]

Van hierdie hof, sir Theophilus se voorneme om 'n administrasiestelsel in die lewe te roep waarvolgens die swartes volgens inheemse reg geregeer sou word en die gevolglike erkenning van inheemse reg, het daar as gevolg van 'n gebrek aan die nodige wetgewende mag in Transvaal[19] niks tereggekom voordat sir Theophilus Transvaal in Maart 1879 verlaat het nie.

Die feit dat die Transvaalse regering as gevolg van 'n gebrek aan die nodige wetgewende mag nie uitvoering aan die bepalings van die proklamasie van Mei 1877 in verband met die regspleging onder die swartes kon gee nie, het dus tot gevolg gehad dat daar 'n situasie ontstaan het waar die hooggeregshof wat in 1877 tot stand gekom het, geen jurisdiksie oor regsgedinge tussen swartes gehad het nie en die hof of howe wat in die lewe geroep sou word om hierdie gedinge te verhoor, nog nie in die lewe geroep was nie. Die indruk word dus geskep dat daar as gevolg hiervan niks in verband met die regspleging onder die swartes gedoen is nie.

Dat hierdie indruk nie in alle opsigte korrek is nie blyk daaruit dat daar wel Naturellekommissarisse, soos bv. Oscar Dahl en João Albasini was, wat skynbaar siviele sake tussen swartes volgens inheemse reg verhoor het. Trouens, toe F. Williams in Januarie 1880 as Naturellekommissaris vir Waterberg aangestel is, is hy aangesê om siviele sake tussen swartes te verhoor, maar dat hy hom voorlopig moes laat lei deur die reëls wat in Dahl se hof vir swartes van krag was.[20] In die geval van Albasini weer, het Henrique Shepstone hom knap na sy aanstelling in Junie 1879 as Naturellekommissaris van die bedrae voorsien wat hy vir die verhoor van siviele sake tussen swartes moes vorder.[21]

---

15. SN 102, p. 684: Memorandum on the Native Population of the Transvaal, opgestel deur H.C. Shepstone, 25.11.1879; C. 2584, p. 12, Bylae No. 9, par. 28: Memorandum on the Native Population ..., H.C. Shepstone, 25.11.1879; SN 3, N312/79 by N303/79: H.C. Shepstone – W.O. Lanyon, 19.12.1879; T. Shepstone Papers, Vol. 43: H.C. Shepstone – T. Shepstone, Pretoria, 29.2.1880.
16. SS 8863, p. 474: M. Osborn – Waarn. Prokureur-genl., Pretoria, 31.8.1877.
17. ZAR 53, *Transvaal Government Gazette*, 19.5.1877: Proklamasie van T. Shepstone, 18.5.1877.
18. SN 102, p. 684: Memorandum on the Native Population of the Transvaal, opgestel deur H.C. Shepstone, 25.11.1879; C 2584, p. 12, Bylae No. 9, par. 28: Memorandum on the Native Population ..., H.C. Shepstone, 25.11.1879.
19. SN 102, p. 684: Memorandum on the Native Population of the Transvaal, opgestel deur H.C. Shepstone, 25.11.1879; C 2584, p. 12, Bylae No. 9, par. 28: Memorandum on the Native Population ..., H.C. Shepstone, 25.11.1879.
20. SN 102, pp. 811-812: H.C. Shepstone – F. Williams, Pretoria, 27.1.1880.
21. SN 102, pp. 488-490: H.C. Shepstone – J. Albasini, Pretoria, 22.8.1879.

Hoewel dit dus moontlik lyk om tot die gevolgtrekking te kom dat die Naturellekommissarisse in die tydperk wat die reorganisasie van die regspleging vir die swartes vroeg in 1880 voorafgegaan het, wel siviele sake tussen swartes verhoor het, moet daar gewaak word daarteen om hierdie aspek van die werksaamhede van die Naturellekommissarisse te wil oorbeklemtoon. Afgesien van die onbestendige toestand waarin Transvaal as gevolg van die Pedi-Engelse oorlog verkeer het en waardeur die werksaamhede van die Naturellekommissarisse aan bande gelê is,[22] was daar vanaf Junie tot Desember 1879 net twee Naturellekommissarisse onder die swartes werksaam. Teen die einde van Augustus 1879 het Henrique Albasini nietemin aangesê om die volgende bedrae aan hofgeld vir die verhoor van siviele sake tussen swartes te vorder, nl. 'n bedrag van 5/- vir elke eis van vyf beeste en minder en 1/- vir elke bees meer as vyf. Vir 'n eis van £5 en minder, moes 5/- gevra word terwyl 'n bedrag van 6d vir elke £1 wat £5 te bowe gegaan het, gevorder moes word. Terselfdertyd het Henrique hom ook voorsien van 'n vorm wat maandeliks aan die Sekretaris van Naturellesake gestuur moes word en waarin verslag gedoen moes word van al die sake tussen swartes wat hy gedurende die maand verhoor het.[23]

Teen die einde van Oktober 1879 is die koste vir die verhoor van siviele sake tussen swartes aansienlik verhoog: Vir 'n eis van vyf beeste en minder, moes 'n bedrag van 20/- gevorder word. Vir elke bees meer as vyf, moes 2/6 per bees gehef word. In geval van 'n eis van £5 en minder was die heffing 5/- en vir elke £1 meer as £5 was dit 6d per pond of deel daarvan.[24] Hoewel Henrique geen aanduiding gegee het of hierdie koste bereken moes word op die oorspronklike eis of op die bedrag genoem in die uitspraak van die hof van die Naturellekommissaris nie, lyk dit korrek te wees om te aanvaar dat die koste gevorder moes word op die eis wat deur die hof toegestaan word.

## Reëlings in verband met die regspleging onder die swartes, Januarie – Februarie 1880

Sowat agt maande nadat sir Theophilus Transvaal verlaat het, het Henrique Shepstone die kwessie in verband met die administrasie van die swartes weer eens ter sprake gebring. In 'n memorandum wat hy in die loop van 1879 vir voorlegging aan sir Michael Hicks Beach[25] met betrekking tot die swart bevolking van die Transvaal opgestel het, het hy, net soos sy vader, daarop gewys dat die administrasie van die swartes nie volgens die gemene reg voortgesit kon word nie, aangesien die mense nog nie beskaafd genoeg was om die gemene reg te verstaan of daarvolgens geregeer te word nie. Dit was dus noodsaaklik om die swartes vir 'n tyd lank nog volgens hulle eie reg en gewoontes te regeer. Om dit te bewerkstellig, sou dit nodig wees om 'n wet aan te neem waarvolgens so 'n wyse van administrasie statutêr gewettig sou word. Die wet moes ook voorsiening maak vir die aanstelling van die goewerneur of administrateur as opperhoof met die bevoegdheid om Administrateurs van Inheemse reg aan te stel om regspraak onder die swartes volgens hulle eie reg en gewoontes uit te oefen, onderhewig aan 'n appèl na die goewerneur of administrateur as opperhoof. So 'n stelsel is reeds deur sir Theophilus in sy proklamasie van Mei 1877 in die vooruitsig gestel en het, volgens Henrique, selfs daarvoor voorsiening gemaak "that a proclamation will be issued regulating native

22. SN 3, N28/80: H.C. Shepstone – W.O. Lanyon, g.d., ongeveer Januarie 1880.
23. SN 102, pp. 488-490: H.C. Shepstone – J. Albasini, Pretoria, 22.8.1879.
24. SN 102, pp. 606-607: H.C. Shepstone – J. Albasini, Pretoria, 24.10.1879.
25. C 2584, p. 10, No. 9: G. Wolseley – Michael Hicks Beach, Pretoria, 17.12.1879 waarby aangeheg Bylae No. 9, pp. 10-16: Memorandum on the Native Population of the Transvaal, opgestel deur H.C. Shepstone, 25.11.1879.

management."[26]

In sy kommentaar op Henrique se memorandum het sir Theophilus weer eens verklaar dat dit onmoontlik was om die administrasie van die swartes voort te sit volgens die gewone wette wat op die blankes van toepassing was. In Natal is daar reeds vroeg besef dat die swartes nie volgens hierdie wette geregeer kon word nie. Gevolglik is voorsiening daarvoor gemaak dat hulle volgens hulle eie reg en gewoontes geregeer word totdat hulle dié mate van beskawing bereik het wat 'n verandering in die verband geregverdig het. Sir Theophilus het gevolglik aan die hand gedoen dat dit in Transvaal die maklikste sou wees om die luitenant-goewerneur[27] te magtig om in die afwesigheid van die nodige wetgewende mag, met behulp van die Uitvoerende Raad van tyd tot tyd sodanige reëls en regulasies neer te lê as wat vir die administrasie van die swartes nodig mag wees. In dié opsig kon daar met die wette en gewoontes van die swartes begin word wat nie met beskaafde opvattings strydig was nie.[28]

Die beëindiging van die oorlog teen Sekhukhune enkele dae nadat Henrique Shepstone sy memorandum aan Michael Hicks Beach op 25 November 1879 voltooi het, het aan die Britse regering in Transvaal die geleentheid gebied om – soos Henrique in Mei 1879 opgemerk het[29] – die swart vraagstuk en die aanstelling van amptenare om die swartes te administreer in oënskou te neem. Op 19 Desember 1879 het hy gevolglik die kwessie van die administrasie van die swartes onder Owen Lanyon, die nuwe administrateur van Transvaal, se aandag gebring toe hy hom daarop gewys het dat 'n wet aangeneem moes word waarvolgens vir die beter bestuur van die swartes voorsiening gemaak moes word. In hierdie wet moes die goewerneur tot opperhoof van al die swart stamme in die Transvaal verklaar word en moes daar vir sowel die regspleging onder die swartes as vir die aanstelling van amptenare om dit uit te oefen, voorsiening gemaak word. Ten einde die noodsaaklikheid van so 'n wet te beklemtoon, het hy aangevoer dat die verdere proklamasie waarvoor in sir Theophilus se proklamasie van Mei 1877 voorsiening gemaak is, ten einde die regspleging onder die swartes te reël, nog nie gerealiseer het nie.[30]

Met die oog op die toekomstige administrasie van die swartes[31] is majoor C.A.F.G. Creagh op 9 Januarie 1880 aangestel om gedurende majoor M. Clarke se verlof, as spesiale kommissaris vir Waterberg, Zoutpansberg en 'n deel van die Lydenburgse distrik waar te neem. Hoewel die Naturellekommissarisse van hierdie distrikte oor alle sake in verband met die swartes aan Creagh verslag moes doen, het hy nie die bevoegdheid gehad om in die regterlike verhouding van die Naturellekommissarisse met die swartes in te meng nie. Volgens 'n besluit van Lanyon is daar egter appèljurisdiksise aan Creagh verleen ten einde 'n appèl teen die uitspraak van 'n Naturellekommissaris in alle (siviele) sake tussen swartes aan te hoor. Die Naturellekommissarisse is hiervan in kennis gestel en verder opdrag gegee om 'n verslag van al die sake tussen swartes wat deur hulle verhoor word, aan Creagh voor te lê. Indien enigiets uit hierdie stukke hom as verkeerd of onreëlmatig sou opval, moes hy by die Naturellekommissaris wat die saak verhoor het, daaroor navraag doen en hom om 'n verduideliking vra. Volle besonderhede in verband met Creagh se appèljurisdiksie sou so spoedig moontlik aan

26. SN 102, pp. 682–684: Memorandum on the Native Population of the Transvaal, opgestel deur H.C. Shepstone, 25.11.1879; C 2584, p. 12, Bylae No. 9, par. 27–28: Memorandum on the Native Population ..., H.C. Shepstone, 25.11.1879.
27. Die bedoeling is skynbaar goewerneur.
28. C 2584, Bylae by No. 43, pp. 102–103, par. 20–22: T. Shepstone se kommentaar op H.C. Shepstone se Memorandum on the Native Population of the Transvaal, 27.2.1880.
29. SS 341, N30/79 gevoeg by R1523/79: Nota van H.C. Shepstone – W.O. Lanyon, Eersteling, 28.5.1879.
30. SN 2, N312/79 by N303/79: Nota van H.C. Shepstone – W.O. Lanyon, 19.12.1879.
31. SN 3, N8/80: W.O. Lanyon – G. Wolseley, 30.12.1879.

hom gestuur word.[32]

In soverre dit Creagh se aanstelling betref, is dit belangrik om daarop te let dat die proklamasie wat sir Theophilus in Mei 1877 met betrekking tot die hooggeregshof uitgevaardig het, bepaal het dat die hooggeregshof nie die jurisdiksie gehad het om as 'n hersienings- of appèlhof vir sake tussen swartes op te tree nie. Die aangeleentheid is egter nie verder gevoer nie en die gevolg was dat, sover vasgestel kon word, daar hierna geen bepaalde reëling met betrekking tot 'n appèl teen 'n uitspraak van 'n Naturellekommissaris neergelê is nie. Gevolglik was die verlening van appèljurisdiksie aan Creagh in Januarie 1880, die eerste definitiewe reëling in dié verband sedert Mei 1877.

Die reëling was maar van korte duur aangesien hierdie bevoegdheid enkele dae nadat dit aan Creagh verleen is, weer teruggetrek is toe Lanyon die saak in heroorweging geneem het. Onder hierdie omstandighede is daar gevolglik besluit om hierdie bevoegdheid aan die landdroste te verleen.[33]

Presies wanneer die landdroste van hierdie besluit in kennis gestel is, kan nie vasgestel word nie. Die feit egter dat Williams met sy aanstelling op 27 Januarie 1880 as Naturellekommissaris vir Waterberg meegedeel is dat daar teen sy uitspraak in siviele sake tussen swartes na die landdros van Waterberg geappeller kon word,[34] laat die vermoede ontstaan dat die landdroste reeds voor die datum op die hoogte gebring is in verband met die appèljurisdiksie wat aan hulle verleen is. Verder, ofskoon geen sodanige skrywe teruggevind kan word nie, blyk dit uit 'n sirkulêre wat Henrique op 16 Februarie 1880 aan die landdroste gestuur het dat daar voor dié datum aan hulle ook die bevoegdheid verleen is om siviele sake tussen swartes te verhoor.[35] Dit wil dus voorkom asof albei hierdie reëlings, te wete die besluit in verband met die bevoegdheid om appèl- en siviele sake tussen swartes te verhoor, vroeg in 1880 aan die landdroste meegedeel is.

Met verwysing na die aanstelling van die landdroste om siviele sake tussen swartes te verhoor, het Henrique te kenne gegee dat, ofskoon sir Theophilus met sy proklamasie van Mei 1877 alle regsgedinge tussen swartes, behalwe sulke misdrywe soos moord, van die jurisdiksie van die hooggeregshof uitgesluit het, daar nog niks in verband met die verhoor van hierdie regsgedinge gedoen is nie. Ten einde iets hieraan te doen, het Henrique gevolglik gepoog om deur middel van die landdroste die beste te doen wat onder omstandighede moontlik was.[36] Al die landdroste was egter nie bereid om siviele sake tussen swartes sonder meer te verhoor nie en in enkele gevalle het hulle selfs geweier op grond daarvan dat hulle geen jurisdiksie in sulke sake gehad het nie.[37]

Onder hierdie omstandighede het Henrique op 16 Februarie 1880 'n sirkulêre aan die landdroste en die kommissaris op die Swazigrens gestuur waarin hulle meegedeel is dat in afwagting van wetgewing oor die aangeleentheid, die administrateur hulle versoek om intussen alle siviele sake tussen swartes wat aan hulle voorgelê word, te ondersoek en te

---

SN 102, pp. 750-758: H.C. Shepstone – C.A.F.G. Creagh, Pretoria, 9.1.1880; SN 3, N8/80: H.C. Shepstone – C.A.F.G. Creagh, Pretoria, 9.1.1880 (afskrif).

33. SN 102, pp. 779-780: H.C. Shepstone – Spesiale Kommissaris Waterberg, Zoutpansberg en Lydenburg, Pretoria, 14.1.1880. In die konsep van hierdie brief, is appèljurisdiksie aanvanklik net aan die landdroste van Waterberg, Zoutpansberg en Lydenburg verleen. Dit is egter deurgehaal en verander sodat dié bevoegdheid aan al die landdroste verleen word. Sien in dié verband SN 3, N8/80: H.C. Shepstone – Spesiale Kommissaris Waterberg, Zoutpansberg en Lydenburg, 14.1.1880 (konsep).
34. SN 102, pp. 811-812: H.C. Shepstone – F. Williams, Pretoria, 27.1.1880.
35. SN 102, pp. 844-847: Sirkulêre van H.C. Shepstone aan Landdroste en Kommissaris Swazigrens, Pretoria, 16.2.1880.
36. T. Shepstone Papers, Vol. 43: H. Shepstone – T. Shepstone, Pretoria, 29.2.1880.
37. SN 102, pp. 844-847: Sirkulêre van H.C. Shepstone aan Landdroste en Kommissaris Swazigrens, Pretoria, 16.2.1880.

verhoor.[38] Anders as in die geval van siviele sake tussen blankes, was dit nie nodig om in hierdie sake 'n dagvaarding uit te reik nie. Al wat gedoen moes word, was dat wanneer 'n swarte met 'n siviele saak of eis teen 'n ander swarte na hulle toe gekom het, die betrokke landdros die verhoordatum moes bepaal. Daarna moes 'n boodskapper na die verweerder in die saak gestuur word om hom te dagvaar om op die vasgestelde dag in die hof te verskyn ten einde op die eis teen hom te antwoord.

Die hofgeld wat die landdroste vir die verhoor van so 'n saak moes vorder, was nog dieselfde soos wat dit in Oktober 1879 vasgestel is. As magistrate was die landdroste eweneens bevoeg om, na hulle oordeel, koste aan òf die eiser òf die verweerder toe te ken. Afgesien van die hofgeld wat betaal moes word, was daar ook nog die onkoste vir die stuur van 'n boodskapper om die verweerder te dagvaar en die landdros se uitspraak uit te voer, wat by die vasstelling van die koste in berekening gebring moes word. By die berekening van hierdie bedrag, moes ook die afstand wat die boodskapper moes reis in aanmerking geneem word.

Indien die eiser of verweerder in so 'n siviele geding nie met die landdros se uitspraak tevrede was nie, het hy die reg gehad om deur die Sekretaris van Naturellesake na die administrateur teen die uitspraak te appelleer. In geval van 'n appèl, moes die ten uitvoerlegging van die vonnis wat deur die landdros in die saak opgelê is, in afwagting van appèl, eers uitgestel word. Met die oog op sy appèl, was die appellant geregtig op 'n afskrif van die verrigtinge in die saak soos wat dit in die landdroshof gevoer is. Ter ondersteuning van sy appèl, moes die appellant hierdie afskrif aan die Sekretaris van Naturellesake besorg. Vir die reg om te appelleer en vir die afskrif van die hofverrigtinge, moes 'n bedrag van £2 van die appellant gevorder word en 'n seël vir die bedrag op die appèldokumente geplaas word.

Henrique het die landdroste verder daarop gewys dat in hulle uitsprake, hulle hul moes laat lei deur gesonde verstand, reg en regverdigheid en sover moontlik deur die reg en gewoontes van die swartes. Dit was ook nie raadsaam om agente of prokureurs toe te laat om sake tussen swartes in die hof te lei nie. Ten einde die Sekretaris van Naturellesake in staat te stel om die sake waarin 'n landdros uitspraak gegee het na te gaan, was die landdroste verplig om aan die einde van elke maand 'n verslag van al die sake wat hulle verhoor het, aan die Sekretaris van Naturellesake te stuur.[39]

Henrique Shepstone se besluit dat dit nie raadsaam was om agente of prokureurs toe te laat om in 'n hof vir swartes op te tree nie, is nie deur almal wat hierdeur geraak is, sonder meer aanvaar nie.[40] Ter verduideliking van sy besluit, het Henrique hom teenoor Lanyon verweer deur daarop te wys dat die verkryging van die dienste van 'n agent of prokureur vir die swartes groot onkoste sou meebring terwyl hulle as 'n reël hulle eie sake baie beter behartig as 'n agent wat hoegenaamd niks van inheemse reg of van die gebruike en gewoontes van die swartes af geweet het nie. Aangesien die swartes nie kon lees nie, was dit nutteloos om 'n swarte op die gewone wyse te wil dagvaar. Gevolglik was dit gebruiklik om 'n swarte deur middel van 'n boodskapper van die swart hof te laat dagvaar. Henrique het Lanyon ook daarop gewys dat sy besluit dat agente en prokureurs nie in sake tussen swartes moes optree nie en dat teen die

38. SN 102, pp. 844-847: Sirkulêre van H.C. Shepstone aan Landdroste en Kommissaris Swazigrens, Pretoria, 16.2.1880; SN 3, N43/80: Sirkulêre van H.C. Shepstone in verband met Landdrosts and Native Civil Cases, 16.2.1880 (afskrif): SN 3, N57/80: Sirkulêre van H.C. Shepstone aan die Landdroste, 16.2.1880. Hierdie sirkulêre is aan die landdroste van Christiana, Heidelberg, Lydenburg, Marico, Middelburg, Potchefstroom, Pretoria, Rustenburg, Zoutpansberg, Standerton, Utrecht, Wakkerstroom, Waterberg en M. Barlow op die Swazigrens gestuur.

39. SN 102, pp. 844-847: Sirkulêre van H.C. Shepstone aan Landdroste en Kommissaris Swazigrens, Pretoria, 16.2.1880; SN 3, N43/80: Sirkulêre van H.C. Shepstone in verband met Landdrosts and Native Civil Cases, 16.2.1880 (afskrif); SN 3, N57/80: Sirkulêre van H.C. Shepstone aan die Landdroste en Kommissaris Swazigrens, 16.2.1880.

40. SN 3, N41/80: J.R. Blencowe, nms. W.E. Hollard en W.R. Keet – Sekretaris van Naturellesake, Pretoria, 5.2.1880.

uitspraak van 'n landdros na die Sekretaris van Naturellesake geappelleer kon word, nie op 'n bestaande wet gebaseer was nie. Gevolglik moes voorsiening daarvoor gemaak word in die Naturelle-administrasiewet wat hy van voorneme was om by die Wetgewende Vergadering in te dien.[41]

'n Maand nadat Henrique die sirkulêre van 16 Februarie aan die landdroste gestuur het, het hy 'n verdere sirkulêre uitgestuur waarin hy hulle op die hoogte gestel het met die hofgeld wat van 1 April af op gesag van die administrateur vir die verhoor van siviele sake tussen swartes gevra moes word. Hierdie gelde was presies dieselfde as die wat hy in sy sirkulêre van 16 Februarie 1880 genoem het, behalwe dat in die geval waar skape of bokke die eis gevorm het, 'n bedrag van 6d vir elke skaap of bok as hofgeld gevorder moes word.[42] Waar perde 'n deel van of die hele eis gevorm het, moes hulle as beeste beskou word en die hofgeld dienooreenkomstig bereken word.[43]

**Goedkeuring van die wetsvoorstel om vir 'n beter administrasie en regsbedeling vir die swartes voorsiening te maak, Junie 1880**

Hoewel die Britse regering in Transvaal teen Februarie 1880 reeds verskeie maatreëls in verband met die regspleging onder die swartes getref het en die Naturellekommissarisse en landdroste siviele sake tussen swartes sover moontlik volgens hulle eie reg en gewoontes moes verhoor, was daar nog nie 'n wet wat statutêre erkenning aan inheemse reg verleen het nie. Die feit egter dat daar intussen vir 'n Wetgewende Vergadering voorsiening gemaak is,[44] het aan Henrique die geleentheid gegee om die nodige wetgewing in dié verband voor te berei. Met die oog hierop het hy teen die einde van Februarie 1880 'n skrywe aan sy vader gerig waarin hy hom ingelig het oor die stand van sake m.b.t. die wetlike posisie oor die erkenning van inheemse reg in Transvaal, wat hy in dié verband beoog het en sy vader se mening oor die toekomstige administrasie van die swartes in Transvaal gevra het.[45] Twee maande hierna, op 4 Mei 1880, is 'n *Wetsvoorstel om voorziening te maken voor beter Bestuur en betere Regtsbedeeling onder de Inboorling bevolking dezer Provincie* vir algemene inligting in die staatskoerant gepubliseer. Volgens die meegaande goewermentskennisgewing sou hierdie konsepwet nog gedurende die sitting van 1880 aan die Wetgewende Vergadering voorgelê word.[46]

Wat die bepalings van die wetsontwerp betref, het die Transvaalse administrasie dit raadsaam geag om met die opstelling van die ontwerp tot 'n groot mate die voorbeeld van die Natalse wette in verband met die administrasie van die swartes te volg. Hierdie stand van sake het dus tot gevolg gehad dat die konsep wat aan die Wetgewende Vergadering voorgelê is en as wet aanvaar is, in feitlik alle besonderhede dieselfde was as die bepalings van die Natalse Ordonnansie No. 3 van 1849 waarvolgens inheemse reg in Natal erken is[47] en Wet No. 26 van 1875, naamlik *Law to make better provision for the Administration of justice among the Native*

41. SN 3, N41/80: Nota van H.C. Shepstone – W.O. Lanyon, 13.3.1880.
42. SN 102, pp. 881 en 882-884: Sirkulêre van H.C. Shepstone aan Landdroste, Kommissaris en Regeringsagent, Swazigrens, Pretoria, 15.3.1880; SN 3, N57/80: Sirkulêre van H.C. Shepstone aan Landdroste, Kommissaris en Regeringsagent, Swazigrens, 15.3.1880 (afskrif).
43. SN 3, N162/80: Nota van H.C. Shepstone – Landdros Wakkerstroom, 20.5.1880.
44. Sien J.A. Vorster, *Die Engelse administrasie van Transvaal gedurende die Eerste Anneksasie-Periode, 1877–1881*, pp. 65–75.
45. T. Shepstone Papers, Vol. 43: H.C. Shepstone – T. Shepstone, 29.2.1880.
46. ZAR 56, *Transvaal Government Gazette*, 4.5.1880, G.K. No. 109, 1880, 4.5.1880: Wets Voorstel "Om voorziening te maken voor beter Bestuur en betere Regtsbedeeling onder de Inboorling bevolking dezer Provincie". Die Engelse betiteling van die wetsontwerp het soos volg gelui: Bill "To make provision for the better government of and administration of Justice among the native population of this Province".
47. *The Natal Government Gazette* (Buitengewoon), 23.6.1849: Ordonnansie No. 3 van 1849, 21.6.1849.

*population of Natal and for the gradual assimilation of Native Law to the laws of the Colony.*[48]

Hoewel Henrique Shepstone die leeue-aandeel aan die opstelling van die wetsontwerp gehad het, is 'n artikel of twee op aanbeveling van die prokureur-generaal aan die konsepwet toegevoeg.[49] Belangrik egter was die feit dat Henrique ook deur sy vader – veral toe die wet reeds in die Wetgewende Vergadering in behandeling was – van sekere inligting voorsien is.[50] Knap voor die derde lesing van die wet, het Henrique byvoorbeeld met die toestemming van die Wetgewende Vergadering voorgestel dat die wet weer in behandeling geneem word ten einde sekere woordelikse wysigings aan die wet teweeg te bring[51] wat, na dit wil voorkom, deur sy vader aan die hand gedoen is.[52]

Toe die tweede lesing van die wetsontwerp op 11 Mei 1880 voorgestel is, het die Prokureur-generaal, W.B. Morcom, ter motivering van die wetsontwerp daarop gewys dat die bepalings van die wet tot 'n groot mate oorgeneem is van 'n soortgelyke wet wat in Natal van krag was en waar die howe vir die verhoor van (siviele) sake tussen swartes wat kragtens hierdie wet tot stand gebring is, reeds vir 'n geruime tyd lank goed gewerk het. Hy het daarop gewys dat volgens die proklamasie van Mei 1877 waarvolgens 'n hooggeregshof in Transvaal in die lewe geroep is, die verhoor van alle siviele sake tussen swartes buite die jurisdiksie van die hooggeregshof geplaas is. Gevolglik was die Regering dus eintlik verplig om howe tot stand te bring waar die swartes se sake verhoor kan word en deur middel van wetgewing maatreëls te tref waarvolgens die swartes daartoe gebring kon word om hulle onderlinge geskille in hierdie howe te laat besleg. Die wetsontwerp het ook daarvoor voorsiening gemaak dat kleiner oortredings wat deur die swartes begaan word, deur die Administrateurs van Inheemse reg wat kragtens hierdie wet aangestel sou word, verhoor kon word. So 'n bepaling sou dit makliker maak om swart oortreders te straf en, saam met die ander bepalings van die wet, daartoe bydra om sowel die regspleging onder die swartes as die algemene regering van hierdie mense in Transvaal te verbeter.[53]

Die heer C.K. White het egter hierteenoor aangevoer dat hy teen die beginsel van die wetsontwerp, naamlik die erkenning van inheemse reg in Transvaal, was. Hy was oortuig daarvan dat om die swartes toe te laat om in die staat voort te leef waarin hulle geleef het voordat 'n beskaafde regering sy gesag oor hulle gevestig het, niks anders as 'n klad op die naam van 'n Christelike regering was nie. Hy was ook van mening dat dit 'n terugwaartse stap sou wees om amptenare aan te stel om die swartes volgens 'n reg te regeer, wat in direkte teenstelling met die wette was wat die handelinge van die blankes beheer het. Hoewel daar so 'n stelsel in Natal bestaan het, was dit nie die geval in die Kaapkolonie nie, aangesien die blankes en die swartes daar onder dieselfde wette gestaan het.[54] Gevolglik was daar in die Kaapkolonie nie die skouspel van 'n magistraat wat 'n beskaafde regering verteenwoordig het nie, maar deur sy

48. SP 382, pp. 513-519: Statement upon the Bill "to make provision for the better government of, and administration of justice among the native population of this Province", opgestel deur W.B. Morcom, 19.11.1880; W 21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p. 32: Toespraak van die Prokureur-generaal op 11.5.1880; Vir die wet, sien C.F. Cadiz, *Natal Ordinances, Laws and Proclamations, Vol. II, 1870-1879,* pp. 1140-1144.
49. T. Shepstone Papers, Vol. 44: H. Shepstone – T. Shepstone, Pretoria, 29.5.1880; Ibid: H. Shepstone – T. Shepstone, Pretoria, 22.5.1880.
50. T. Shepstone Papers, Vol. 44: H. Shepstone – T. Shepstone, Pretoria, 14.6.1880; Ibid.: H. Shepstone – T. Shepstone, Pretoria, 22.5.1880.
51. EVR 19: Sitting op 7.6.1880, art. 9; EVR 20: Sitting op 7.6.1880, art. 9; W 21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p. 54: Voorstel van die Sekretaris van Naturellesake op 7.6.1880.
52. T. Shepstone Papers, Vol. 44: H. Shepstone – T. Shepstone, Pretoria, 14.6.1880.
53. W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p. 32: Toespraak van die Prokureur-generaal op 11.5.1880.
54. Sien E.R. Garthorne, Applications of Native Law, *Bantu Studies, 1929, pp. 250-254* vir 'n uiteensetting van die toepassing van inheemse reg in die Kaapkolonie.

uitsprake poligamie verdedig het omdat inheemse reg onder andere die "koop en verkoop" van vrouens toegelaat het.

In die kern van die saak word die lede van die Wetgewende Vergadering dus gevra om 'n wet goed te keur wat die amptenare wat volgens die wet aangestel sou word, sou magtig om sulke barbaarse gebruike toe te pas. Hy was gevolglik van mening dat dit 'n terugwaartse stap sou wees om die verteenwoordigers van Transvaal te vra om 'n wet goed te keur wat vir die erkenning en toepassing van inheemse reg voorsiening sou maak. Meer nog, word hulle nie net gevra om amptenare aan te stel om hierdie wet toe te pas nie, maar die Transvaalse regering word ook gevra om hom tot so 'n vlak te verlaag waar hy selfs die boetes en gelde sou ontvang wat deur hierdie howe vir die swartes gehef sou word. Op grond hiervan en omdat hy beswaar teen die beginsel van die wetsontwerp gehad het, het hy, met die heer O.W.A. Forssman as sekondant, as amendement voorgestel dat die wetsontwerp oor ses maande vir die tweede keer gelees word.[55]

In antwoord hierop het die Prokureur-generaal aangevoer dat daar slegs twee beginsels was waarvolgens 'n groot swart bevolking geregeer kon word. Die een was om jou oë toe te maak en die swartes toe te laat om hulleself te regeer en dan aan ander en in die howe voor te gee dat hulle deur die gemene reg geregeer word. Die ander beginsel was om die swartes volgens hulle eie reg te regeer wanneer hierdie reg nie met die algemene beginsels van menslikheid strydig was nie. In al die jare wat hy in Natal gewoon het, het hy die groot verskil gesien wat die Regering se erkenning van inheemse reg en sy optrede om die toepassing daarvan in alle gevalle te reël en te beheer, op die swartes van Natal gehad het. Sonder vrees vir teenspraak, het hy aangevoer dat die Zoeloes se opvatting van reg en verkeerd en van die algemene beginsels van die Natalse wette, baie verder ontwikkeld was as dié van die swartes wat moes sorg om op hulle eie oor die weg te kom. Gevolglik het hy die tweede lesing van die wetsontwerp voorgestel en 'n beroep op die lede van die Wetgewende Vergadering gedoen om die beginsel te ondersteun "that the large native population of the Province are entitled to have justice administered amongst them, according to their own laws, where the same are not repugnant to the general principlals of humanity".[56]

Toe White se amendement dat die wetsontwerp oor ses maande vir 'n tweede keer gelees word, hierna tot stemming gebring is, is dit deur die Wetgewende Vergadering verwerp. Gevolglik is die Prokureur-generaal se voorstel aanvaar en is die wetsontwerp vir 'n tweede keer gelees.[57]

Met verwysing na die standpunt wat die heer White teen die wetsontwerp en gevolglik ook teen die erkenning van inheemse reg ingeneem het, het *The Transvaal Argus* in 'n hoofartikel aangevoer dat hierdie wetsontwerp 'n maatreël was wat nie vir 'n beter administrasie en regsbedeling vir die swartes van Transvaal voorsiening sou maak nie.[58] Ter motivering van sy standpunt het die koerant daarop gewys dat die wetsontwerp vir alle praktiese doeleindes al die wetgewing herroep wat die Zuid-Afrikaansche Republiek met betrekking tot die administrasie van die swartes aangeneem het. Teen so 'n algemene opknapping van die baie reëls en regulasies, die diskwalifikasies en die verpligtinge wat die gekleurdes in Transvaal by verskillende geleenthede opgelê is, kon daar geen beswaar hoegenaamd geopper word nie. Maar wanneer so iets gedoen word, behoort daar iets beters in die plek gestel te word van dit wat as gevolg van veranderde omstandighede as verouderd beskou word of wat as gevolg van latere

55. W 21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p. 32: Toespraak van C.K. White op 11.5.1880.
56. W 21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p. 32: Toespraak van die Prokureur-generaal op 11.5.1880.
57. W 21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p. 32: Sitting op 11.5.1880; EVR 19: Sitting op 11.5.1880, art. 7; EVR 20: Sitting op 11.5.1880, art. 7.
58. MS 179/2: *The Transvaal Argus, and Commercial Gazette,* 13.5.1880 (Hoofartikel).

ondervinding, bewys word as onderdrukkend van aard teenoor die swartes te wees. In plaas hiervan het die Regering egter die regsplegende stelsel vir die swartes in Natal *holus bolus* oorgeneem, sonder om daarop ag te slaan dat die Tranvsaal in baie opsigte van Natal verskil het. Gevolglik word die goewerneur of die amptenaar wat die regering van Transvaal tydelik waargeneem het, volgens die reg, gewoontes en gebruike van die swartes tot opperhoof oor al die swart kapteins en swartes in Transvaal verhef. In die praktyk het dit dus beteken dat met die oog daarop om die regspraak onder die swartes uit te oefen, van 'n Christen en 'n blanke, in wese en verstand 'n swarte gemaak word en dat die enigste beperking op die werking van die wette, gewoontes en gebruike van die swartes slegs was dat dit nie strydig moes wees met die beginsel van natuurlike geregtigheid soos dit deur die beskaafde wêreld erken word nie.

Met verwysing na die bepaling in die wetsontwerp waarvolgens die landdroste van elke distrik *ex officio* as administrateurs van inheemse reg aangestel sou word,[59] het *The Transvaal Argus* aangevoer dat hierdie bepaling tot gevolg sou hê dat verskillende eise aan die bekleër van so 'n amp gestel sou word. Elke persoon wat vir die amp van 'n landdros geaspireer het, sou in gedagte moes hou dat hy 'n amp moes beklee waar hy nie net regter oor die hele bevolking en ontvanger van inkomste was nie, maar ook 'n weerspieëling van al die swartes se wette, gewoontes en gebruike moes wees, hoe oortuig hy ook al daarvan was dat sommige hiervan strydig met die algemene beginsels van die beskawing was.

Die koerant het verder betoog dat wanneer die wetsontwerp sorgvuldig deurgelees word, die vraag vanselfsprekend ontstaan wat die wette, gewoontes en gebruike was wat daar op daardie stadium onder die swartes in swang was en deur die nuwe regsplegende stelsel goedgekeur sou word. Hy wou verder weet of hierdie wette, gewoontes en gebruike opgeteken was, of as 'n kode van ongeskrewe wette selfs onder die swartes van Transvaal bekend was en watter stam van die baie stamme in Transvaal, die stam was wie se wette, gewoontes en gebruike as die grondslag vir regspraak vir al die swartes in Transvaal moes dien. In Transvaal was daar benewens die groot aantal swartes wat op die sendingstasies gebly het of by 'n blanke werkgewer in diens was, ook nog die Noord-Sotho, Zoeloes, Tsonga, Rolong, Tlhaping en baie ander swartes woonagtig. Was die wette, gewoontes en gebruike van al hierdie mense dieselfde, sodat die goewerneur en die landdroste dit kon leer en daarna op elke stam kon toepas wanneer hulle moes regspreek? In Natal was al die swartes Zoeloes en was hulle wette en gebruike oral in dié provinsie dieselfde. In Transvaal daarenteen was die omstandighede van die swartes baie anders. Gevolglik het die moontlikheid bestaan dat dit wat as 'n goeie wet vir die swartes van Natal beskou word, 'n baie slegte wet vir die in Transvaal kon wees. Meer nog, indien die Natalse wet vir die regspleging onder die swartes 'n goeie wet was, kon daar nog aangevoer word dat so 'n wet ook in Transvaal ingestel moes word. Dit was egter nie die geval nie, aangesien selfs die Natallers teen die afstootlikhede van hulle wet gekant was. In feitlik elke Natalse koerant word op die een of ander wyse teen *lobola* en ander "heidense gewoontes" beswaar gemaak. Verder was dit nòg raadsaam nòg waardig vir 'n beskaafde regering om van sy hoë standaard na die peil van die swartes se denkwyse af te daal, selfs al sou die wet dan oënskynlik in belang van die swartes wees. Veeleer moes hulle geleer word om tot die peil van die blankes uit te styg. Volgens *The Transvaal Argus* kon diegene wat met die toestand van die swartes in Natal bekend was, nie sonder meer konstateer dat die erkenning van inheemse reg in daardie kolonie enigsins daartoe bygedra het om die weg vir die beskawing of, nog minder, vir die kerstening van die swartes, voor te berei nie. Na jare van die toepassing van inheemse reg, het die swartes nog steeds in hulle oorspronklike barbarisme in hulle lokasies gebly. Wat dus ontstellend was, was dat daar vir hierdie beklaenswaardige toestand

59. ZAR 56, *Transvaal Government Gazette*, 4.5.1880, G.K. No. 109, 1880, 4.5.1880: Bill "To make provision for the better government of and administration of Justice among the native population of this Province", klousule 4.

van sake, 'n wet gemaak word vir Transvaal.[60]

Met die oog daarop dat die swart kapteins kragtens die wetsontwerp vir 'n beter administrasie en regsbedeling vir die swartes as administrateurs van inheemse reg aangestel sou word,[61] het die koerant aangevoer dat die blanke inwoners van Transvaal meer as genoeg van kapteins gehad het en hulle geen begeerte gehad het dat die kapteins die status van magistrate onder hulle eie mense moes kry nie. Inteendeel sou dit beter gewees het as die swartes die blanke magistrate gesien het as die setel van geregtigheid in alle siviele en kriminele aangeleenthede, hetsy dit 'n geskil tussen swartes onderling of tussen swartes en hulle blanke bure was.

In sy betoog oor die wetsontwerp en die erkenning van inheemse reg, het *The Transvaal Argus* ook sy bedenking uitgespreek oor die bepaling[62] waarvolgens die goewerneur of sy plaasvervanger as opperhoof die bevoegdheid verkry het om vir sover as wat dit nie met die bepalings van hierdie wet strydig was nie, al die mag en gesag wat ooreenkomstig die reg en gebruike van die swartes tradisioneel by enige opperhoof berus het, oor die kapteins en swartes van Transvaal uit te oefen. Met betrekking tot hierdie bepaling het die koerant aangevoer dat dit nie in belang van die swartes was indien die goewerneur selfs met die goedkeuring van die Uitvoerende Raad, beheer sou verkry oor die eiendom en die persoon van 'n kaptein of dat daar, in geval van 'n oortreding, met hom gehandel kon word soos wat die goewerneur sou besluit nie. Eerder as om aan so 'n bepaling uitvoering te gee, kon die Regering die oortreder voor 'n kriminele hof daag. Ook was dit wenslik dat daar niks gedoen moes word om die stamstelsel in stand te hou nie, aangesien dit beter sou wees indien dit afgeskaf sou word.

Gesien dus in die lig van al die besware wat daar teen die wetsontwerp en in die besonder teen die erkenning van inheemse reg bestaan het, was *The Transvaal Argus* van mening dat die maatreël in werklikheid niks anders as 'n bewysstuk van 'n poging was om die slegste eienskappe van 'n barbaarse lewe vir 'n onbepaalde tyd te verleng nie. "If our new legislation is to be modelled after a certain pattern", het die koerant betoog, "we are more inclined to look Cape Colony-wards than Natal-wards, because the success which has converted the latter colony into a happy paradise of breeding Kaffirs, with no responsibilities and no duties, and a total aversion to work, is not what we would attain to in the Transvaal."[63]

Met die oog op die verdere behandeling van die wetsontwerp, het die Wetgewende Vergadering op 25 Mei in komitee gegaan. Op voorstel van Henrique is klousule 7 so gewysig dat elke party tot 'n regsgeding die reg van 'n finale appèl na die Sekretaris van Naturellesake verkry het. Sy beslissing sou egter nie tot uitvoering gebring word alvorens dit nie eers deur die goewerneur of die amptenaar wat met die regering belas was, in sy hoedanigheid as opperhoof van al die swart stamme, bekragtig was nie. Terselfdertyd is ook twee nuwe klousules by die wetsontwerp gevoeg. Op versoek van die prokureur-generaal,[64] is daar eerstens voorsiening gemaak vir 'n bepaling waarvolgens alle ernstige misdade, soos byvoorbeeld moord, wat deur 'n swarte gepleeg word, net soos wanneer so 'n misdaad deur 'n blanke gepleeg word, deur die gewone howe verhoor sou word.[65] In 'n verdere klousule is aan die goewerneur as opperhoof

60. MS 179/2: *The Transvaal Argus, and Commercial Gazette*, 13.5.1880 (Hoofartikel).
61. ZAR 56, *Transvaal Government Gazette*, 4.5.1880, G.K. No. 109, 1880, 4.5.1880: Bill "To make provision for the better government and administration of Justice among the native population of this Province", klousule 5.
62. ZAR 56, *Transvaal Government Gazette*, 4.5.1880, G.K. No. 109, 1880, 4.5.1880: Bill "To make provision for the better government and administration of Justice among the native population of this Province", klousule 15, art. 16 van die wet.
63. MS 179/2: *The Transvaal Argus, and Commercial Gazette*, 13.5.1880 (Hoofartikel).
64. T. Shepstone Papers, Vol. 44: H. Shepstone – T. Shepstone, Pretoria, 22.5.1880.
65. Artikel 14 van die wet. Sien bespreking van die Naturelle-administrasiewet.

van al die swart stamme die bevoegdheid verleen om reëls en regulasies op te stel ten einde die behoorlike werking en uitvoering van die wet te verseker.[66] Origens is met die uitsondering van 'n enkele korreksie in die eerste klousule, al die ander klousules van die wetsontwerp deur die Wetgewende Vergadering goedgekeur.[67]

Op 31 Mei is die wetsontwerp op voorstel van die Sekretaris van Naturellesake, soos dit in die komiteestadium gewysig is, weer deur die Wetgewende Vergadering in behandeling geneem en is daar besluit om die wysiging as deel van die wetsontwerp te aanvaar. Hoewel die derde lesing van die wetsontwerp op die 7de Junie sou plaasvind, is dit op dié dag na die Wetgewende Vergadering verwys om sekere verdere wysigings teweeg te bring. Toe die Vergadering hierna weer eens in komitee gegaan het, het Henrique voorgestel dat waar volgens sekere klousules[68] van die wetsontwerp 'n appèl na die landdroste toegelaat word, dit na 'n appèl na die landdroste in hulle hoedanigheid as Administrateurs van Inheemse reg verander word.[69] Dat hy hierdie wysigings op aanbeveling van sir Theophilus voorgestel het, lyk redelik seker te wees.[70]

Nadat die Wetgewende Vergadering hierdie wysigings goedgekeur het, het die Sekretaris van Naturellesake die derde lesing van die wetsontwerp voorgestel.[71] Die wetsontwerp is gevolglik 'n derde keer gelees en is die wetsontwerp *to make provision for the better government of and administration of Justice among the native population of this Province* op 7 Junie 1880, 'n maand nadat dit vir die eerste keer gelees is, deur die Wetgewende Vergadering goedgekeur.[72] Volgens 'n bepaling van die wet sou dit as die Naturelle-administrasiewet van 1880 bekend staan.[73]

In die lig van die voorafgaande uiteensetting blyk dit dat die bewering dat die Naturelle-administrasiewet (Wet No. 11, 1881) eers op 14 Julie 1881, sowat vier maande nadat 'n wapenstilstand in Maart 1881 tussen Boer en Brit gesluit is en slegs drie weke voordat Transvaal weer aan die Boere teruggegee is, aangeneem is, nie korrek is nie.[74]

## Die Naturelle-administrasiewet van 1880

In die inleiding van die Naturelle-administrasiewet van 1880, of soos die volledige titel van die wet gelui het *Law to make provision for the better Government of, and administration of Justice*

---

66. Artikel 17 van die wet.
67. EVR 19: Sitting op 25.5.1880, art. 19-20, 21 en 24; EVR 20: Sitting op 25.5.1880, art. 19-20, 21 en 24; Sien ook W 21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p. 46: Sitting op 25.5.1880.
68. Klousules 7, 8 en 12 van die wetsontwerp.
69. EVR 19: Sitting op 7.6.1880, art. 10; W 21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p. 54: Voorstel van die Sekretaris van Naturellesake op 7.6.1880.
70. T. Shepstone Papers, Vol. 44: H. Shepstone – T. Shepstone, Pretoria, 29.5.1880, waarby aangeheg "Bill to make provision for better Government of and Administration of Justice among the native population of this Province"; T. Shepstone Papers, Vol. 44: H. Shepstone – T. Shepstone, Pretoria, 14.6.1880.
71. EVR 19: Sitting op 7.6.1880, art. 11 en 12; W 21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p. 54: Native Administration Bill.
72. EVR 19: Sitting op 7.6.1880, art. 13 en 14; W 21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p. 54: Native Administration Bill.
73. ZAR 57, *Transvaal Government Gazette*, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government of, and Administration of Justice among the Native Population of this Province", art. 18.
74. Sien in die verband o.a. E.H. Brookes, *The History of the Native Policy in South Africa from 1830 to the Present Day*, p. 125 en G.A. Brand, *Die Regspleging van die Bantoe in Suid-Afrika, Vol. I*, p. 197.

*among, the Native Population of this Province*,[75] word 'n uiteensetting gegee van die redes wat die totstandkoming van hierdie wet genoodsaak het. In die eerste instansie word aangevoer dat sowel die Volksraadsbesluite van die Zuid-Afrikaansche Republiek as die bestaande wetgewing wat nog deur die Republiek op die wetboek geplaas is en waarvolgens die administrasie en die regering van die swartes in Transvaal bepaal word, onbevredigend en teenstrydig van aard is. 'n Tweede rede wat die aanname van die wet genoodsaak het, was die feit dat die onkunde, die gewoontes en gebruike van die swartes in Transvaal, hulle vir die pligte en verantwoordelikhede van 'n beskaafde lewe ongeskik gemaak het. Derdens was dit nodig dat vir 'n meer doeltreffende administrasie en bestuur van die swart bevolking van Transvaal voorsiening gemaak word. In hierdie opsig word uitdruklik genoem dat dit die doel was om die swartes in die Transvaal onder spesiale beheer te plaas en vir 'n behoorlike regspleging onder hulle voorsiening te maak, totdat hulle behoorlik in staat sou wees om sodanige pligte en verantwoordelikhede te begryp en te waardeer as wat redelikerwys van hulle verwag kan word in die nakoming van die algemene wette wat in Transvaal van krag was. Ten einde die oogmerke van die Naturelle-administrasiewet te verwesenlik, is, soos Henrique Shepstone in Desember 1879 aan die hand gedoen het, al die wette wat nog sedert die dae van die Zuid-Afrikaansche Republiek met die administrasie van die swartes in verband gestaan het, in geheel herroep.[76]

Seker een van die belangrikste bepalings van die Naturelle-administrasiewet, is dié waarvolgens inheemse reg vir die eerste keer statutêr in Transvaal erken word. Hierdie bepaling maak daarvoor voorsiening dat die wette, gewoontes en gebruike wat op daardie stadium onder die swart bevolking van die Transvaal bestaan het, van krag sou bly behalwe in soverre as wat hierdie gebruike en gewoontes strydig was met die beginsels van natuurlike geregtigheid soos dit dwarsdeur die beskaafde wêreld erken word.[77]

In die praktyk het hierdie bepaling dus beteken dat daar weggedoen is met die stelsel waarvolgens die swartes kragtens die wette van die Zuid-Afrikaansche Republiek volgens die gemene reg, dit wil sê op dieselfde wyse as die blankes, geregeer moes word. Daarmee is die weg gebaan vir 'n administrasiestelsel waarvolgens die swartes onder spesiale beheer geplaas en volgens hulle eie reg en gewoontes geregeer kon word.

Met die oog daarop om vir 'n beter *administrasie* vir die swartes voorsiening te maak, word die goewerneur of die amptenaar wat tydelik met die regering van Transvaal belas was, kragtens die Naturelle-administrasiewet, met volle mag en gesag tot opperhoof oor al die swart kapteins en swartes van Transvaal verhef. As opperhoof het hy dieselfde bevoegdheid gehad as wat gewoonlik deur die wette, gebruike en gewoontes van die swartes aan 'n kaptein verleen word.[78] Saamgaande hiermee word ook die Sekretaris van Naturellesake en die landdroste *ex officio* as Administrateurs van Inheemse reg benoem.[79]

As opperhoof het die goewerneur of sy plaasvervanger, die bevoegdheid gehad om vir sover as wat dit nie met die bepalings van die Naturelle-administrasiewet strydig was nie, al die mag en gesag wat ooreenkomstig die wette, gebruike en gewoontes van die swartes tradisioneel by

75. ZAR 57, *Transvaal Government Gazette*, 19.7.1881, Wet No. 11, 1881. Die Nederlandse titel van die wet het soos volg gelui: "Wet om voorziening te maken voor beter Bestuur en betere Regtsbedeeling onder de Inboorlingbevolking dezer Provincie", *Transvaal Government Gazette*, 19.7.1881, Wet No. 11, 1881.
76. ZAR 57, *Transvaal Government Gazette*, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", Inleiding.
77. ZAR 57, *Transvaal Government Gazette*, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 2.
78. ZAR 57, *Transvaal Government Gazette*, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 3.
79. ZAR 57, *Transvaal Government Gazette*, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 4.

enige opperhoof berus het, oor al die kapteins en swartes van Transvaal uit te oefen. Met die goedkeuring van die Uitvoerende Raad word die goewerneur of amptenaar wat tydelik met die regering belas was, gemagtig om enige kaptein wat aan enige misdaad skuldig bevind word waardeur die vrede in Transvaal in gevaar gestel kan word, van sy kapteinskap te onthef en van die plek waar hy gewoon het te verwyder. As opperhoof het die goewerneur ook die bevoegdheid gehad om so 'n kaptein onder sodanige toesig en beperkings te plaas as wat raadsaam geag mag word. Daar is egter uitdruklik bepaal dat hierdie optrede van die goewerneur nie deur 'n hof van Transvaal in hersiening geneem mag word nie.[80]

Kragtens die Naturelle-administrasiewet het die goewerneur of die amptenaar wat tydelik met die regering van Transvaal belas was, die bevoegdheid gehad om in sy hoedanigheid as opperhoof, van tyd tot tyd geskikte persone van blanke afkoms met die benaming van Administrateurs van Inheemse reg, swart kapteins en ander -amptenare aan te stel om gesag uit te oefen en volgens inheemse reg[81] reg te pleeg oor die swartes binne sodanige distrikte waarop besluit mag word. Die goewerneur of die amptenaar wat tydelik met die regering belas was, het ook die bevoegdheid gehad om die Administrateurs van Inheemse reg, swart kapteins en ander -amptenare summier te ontslaan en ander in hulle plek aan te stel.[82]

Die opperhoof het verder die bevoegdheid besit om die uitspraak wat deur 'n Administrateur van Inheemse reg in sowel 'n siviele as kriminele saak gelewer is, te hersien en, indien nodig, die uitspraak ter syde te stel of te wysig. Sover dit kriminele sake betref, kon die opperhoof, indien die vonnis wat deur 'n Administrateur van Inheemse reg opgelê is, vir hom buitengewoon streng voorgekom het, dit eweneens wysig, deur die vonnis, hetsy in die vorm van 'n boete of andersins, te verminder.[83]

Wat die *regspleging* onder die swartes betref, het die Naturelle-administrasiewet op grond van die statutêre erkenning van inheemse reg in die Transvaal,[84] ook ten doel gehad om vir 'n behoorlike regspleging onder die swartes voorsiening te maak.[85] In hierdie verband is reeds daarop gewys dat die goewerneur of amptenaar wat tydelik met die regering van Transvaal belas was, kragtens die Naturelle-administrasiewet, tot opperhoof oor al die swart kapteins en stamme van Transvaal verhef is.[86] Saamgaande hiermee word ook die Sekretaris van Naturellesake en die landdros van elke distrik *ex officio* as Administrateurs van Inheemse reg aangestel.[87] Die goewerneur of sy plaasvervanger het verder die bevoegdheid verkry om van tyd tot tyd persone van blanke afkoms as Administrateurs van Inheemse reg, swart kapteins en ander -amptenare aan te stel om gesag uit te oefen en reg te spreek oor die swartes binne 'n bepaalde distrik.[88] Aan hierdie mense is die bevoegdheid verleen om binne die perke wat van tyd tot tyd deur die goewerneur bepaal sou word, siviele sake wat mag ontstaan tussen swartes

80. ZAR 57, *Transvaal Government Gazette*, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 16.
81. ZAR 57, *Transvaal Government Gazette*, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 8.
82. ZAR 57, *Transvaal Government Gazette*, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 5.
83. ZAR 57, *Transvaal Government Gazette*, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 10.
84. ZAR 57, *Transvaal Government Gazette*, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 2.
85. ZAR 57, *Transvaal Government Gazette*, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", Inleiding.
86. ZAR 57, *Transvaal Government Gazette*, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 3.
87. ZAR 57, *Transvaal Government Gazette*, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 4.
88. ZAR 57, *Transvaal Government Gazette*, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 5.

van die stam of gemeenskap wat onder beheer van so 'n administrateur, kaptein of amptenaar geplaas is, te verhoor en uitspraak daarin te lewer.[89]

In soverre dit die swart kapteins of ander -amptenare betref, word hierdie bevoegdheid aan hulle verleen met dien verstande dat in geval van 'n appèl teen die uitspraak van 'n kaptein of amptenaar, 'n *nuwe verhoor* voor die Administrateur van Inheemse reg van die distrik sal plaasvind. In so 'n geval moet die kaptein of amptenaar teen wie se uitspraak geappelleer word, op versoek van die Administrateur van Inheemse reg wat vir die nuwe verhoor verantwoordelik is, hom van die volgende voorsien: die name van die eiser en verweerder, die rede vir die geding, die uitspraak wat gelewer is en op grond waarvan tot so 'n uitspraak gekom is. Hierdie inligting moet dan deur die Administrateur van Inheemse reg op skrif gestel word.[90]

Ter verduideliking van die nuwe verhoor waarna in die voorafgaande verwys word, is dit nodig om daarop te wys dat in die geval van 'n appèl daar nie weer 'n *de novo* verhoor plaasvind nie, aangesien die rekord, met ander woorde die pleitstukke, relaas van getuienis en die rede vir die uitspraak, beoordeel word. Die feit egter dat die swartes in die tyd van die Naturelle-administrasiewet oor die algemeen geneem, nie kon lees en skryf nie en sodanige kapteins en ander swart amptenare dus nie in staat was om rekord te hou van die sake wat hulle verhoor het nie, het waarskynlik dié bepaling om deur middel van 'n nuwe verhoor in hoër beroep te gaan, tot gevolg gehad.

In alle siviele sake tussen swartes wat deur 'n Administrateur van Inheemse reg verhoor word, kon daar teen die uitspraak van die Administrateur van Inheemse reg, na die landdros in sy hoedanigheid as Administrateur van Inheemse reg van die distrik waarin die Administrateur van Inheemse reg gewoon het wat die saak verhoor het, geappelleer word.[91] Dit het gevolglik beteken dat die jurisdiksie van die Administrateur van Inheemse reg as sodanig laer was as die van die landdros wat *ex officio* as Administrateur van Inheemse reg vir sy distrik aangestel was.[92] Afgesien van die appèl na 'n landdros, het elke party tot 'n regsgeding die reg van 'n finale appèl, dit wil sê in die geval van 'n appèl teen die uitspraak van 'n landdros, na die Sekretaris van Naturellesake gehad. Sy uitspraak sou egter nie van krag wees nie en kon ook nie afgedwing word nie, alvorens sy uitspraak nie eers deur die goewerneur in sy hoedanigheid as opperhoof bekragtig was nie.[93]

Met betrekking tot die verhoor van siviele sake tussen swartes is daar egter uitdruklik bepaal dat alle sodanige sake ooreenkomstig die bepalings van die Naturelle-administrasiewet en die reg, gewoontes en gebruike van die swartes, soos wat dit op daardie stadium van toepassing was, verhoor moes word. Hierdie sake word ook net ooreenkomstig die swartes se reg verhoor vir sover hierdie reg, gewoontes en gebruike nie van so 'n aard was dat dit enige klaarblyklike onreg ten doel gehad het of dit strydig was met die aanvaarde beginsels van natuurlike geregtigheid nie. Totdat die aanstellings gemaak word waarvoor die Naturelle-administrasiewet voorsiening gemaak het, moes al die werk wat 'n Administrateur van Inheemse reg volgens die wet moes verrig, deur die landdroste in hulle hoedanigheid as Administrateurs van Inheemse reg en die reeds aangestelde Naturellekommissarisse gedoen word.[94]

89. ZAR 57, *Transvaal Government Gazette*, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 6.
90. ZAR 57, *Transvaal Government Gazette*, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 6.
91. ZAR 57, *Transvaal Government Gazette*, 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 7.
92. SP 382, pp. 513-519: Statement upon the Bill "To make provision for the better Government of, and Administration of Justice among the Native Population of this Province", opgestel deur W.B. Morcom, 19.11.1880.
93. ZAR 57, *Transvaal Government Gazette*, 19.7.1881: Wet No. 11. 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 7.
94. ZAR 57, *Transvaal Government Gazette*, 19.7.1881: Wet No. 11. 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 6.

Om die straf van misdade te vergemaklik in die afgeleë distrikte waar die Administrateur van Inheemse reg moontlik ver van die landdrossetel af gestasioneer mag word,[95] verleen die wet ook kriminele jurisdiksie aan so 'n Administrateur van Inheemse reg ten opsigte van minder ernstige misdade en oortredings wat deur swartes teenoor swartes binne die distrik van so 'n administrateur gepleeg word. In 'n bylae tot die wet word hierdie misdade meer in die besonder omskryf, naamlik minder ernstige aanrandings, kleiner diefstalle, misdade van soortgelyke aard en ook sodanige misdade as wat die Administrateur van Inheemse reg deur die prokureur-generaal opgedra word om te ondersoek en uitspraak oor te doen. Hierdie jurisdiksie word aan die betrokke Administrateurs van Inheemse reg verleen met dien verstande dat so 'n Administrateur 'n oortreder slegs mag straf deur middel van 'n boete van hoogstens £10 of gevangenisstraf, met of sonder dwangarbeid, van hoogstens drie maande òf lyfstraf wat nie 25 houe oorskry nie.[96]

Kragtens die Naturelle-administrasiewet het die opperhoof die bevoegdheid verkry om die uitspraak wat deur 'n Administrateur van Inheemse reg in sowel 'n siviele as 'n kriminele saak gelewer is, te hersien en indien nodig die uitspraak ter syde te stel of te wysig. In soverre dit kriminele sake betref, kon die opperhoof, indien die vonnis wat deur 'n Administrateur van Inheemse reg opgelê is, vir hom as buitengewoon streng voorgekom het, eweneens die vonnis wysig deur die vonnis, hetsy in die vorm van 'n boete of andersins, te verminder.[97]

In die wet word ook voorsiening gemaak vir die opstelling van hofreëls ten einde die howe van die Administrateurs van Inheemse reg in die uitvoering van hulle pligte te lei. Met die oog hierop word die goewerneur gemagtig om met die advies en toestemming van die Uitvoerende Raad van tyd tot tyd reëls en regulasies op te stel met betrekking tot die prosedure en die wyse waarop sake in die howe van die Administrateurs van Inheemse reg hanteer moes word. Die goewerneur moes ook bepaal watter boetes, onkoste, hofgelde en vergoeding vir die uitgawes wat deur 'n getuie aangegaan is, in sodanige howe betaal moes word. Reëls en regulasies wat kragtens hierdie bepaling van die wet opgestel word, moes, nadat dit deur die Uitvoerende Raad goedgekeur en in die staatskoerant gepubliseer is, as deel van die wet beskou word en sou gevolglik ook dieselfde krag en gevolg as die wet self besit. Sodanige reëls en regulasies was egter onderhewig daaraan dat die kroon enige van hierdie reëls en regulasies deur middel van een van sy belangrikste ministers sou kon afwys.[98]

Volgens 'n verdere bepaling van die Naturelle-administrasiewet word aan die prokureur-generaal die bevoegdheid verleen om te gelas dat sekere strafsake deur die landdros in sy hoedanigheid as Administrateur van Inheemse reg van die distrik waarin die misdryf gepleeg is, verhoor moet word. Hierdie sake was manslag, aanranding of enige ander benadeling van die persoon of eiendom van enige swarte wat vanweë 'n oproer of 'n stamgeveg tussen swartes veroorsaak is.[99] Waar enige manslag, aanranding of ander onregmatige daad aan 'n persoon of eiendom gepleeg word, en dit tot die bevrediging van die goewerneur of sy plaasvervanger sou blyk dat hierdie misdade deur swartes veroorsaak is, het die goewerneur die bevoegdheid

95. SP 382, pp. 513–519: Statement upon the Bill "To make provision for the better Government of, and Administration of Justice among the Native Population of this Province", opgestel deur W.B. Morcom, 19.11.1881.
96. ZAR 57, *Transvaal Government Gazette*, 19.7.1881: Wet No. 11. 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 9 en bylae tot die wet.
97. ZAR 57, *Transvaal Government Gazette*, 19.7.1881: Wet No. 11. 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 10.
98. ZAR 57, *Transvaal Government Gazette*, 19.7.1881: Wet No. 11. 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 11.
99. ZAR 57, *Transvaal Government Gazette*, 19.7.1881: Wet No. 11. 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 12.

gehad om hierdie swartes te beboet. Indien dit verder sou blyk dat daar 'n sameswering tussen 'n stam of swart gemeenskap bestaan het om belangrike inligting of getuienis van deurslaggewende aard in so 'n saak te onderdruk of die skuldige te versteek of om deur lydelike verset teen die wettige owerheid die herhaling van so 'n misdaad of oortreding aan te moedig, het die goewerneur of sy plaasvervanger eweneens die bevoegdheid gehad om so 'n stam of gemeenskap te beboet. Hierdie boete kon egter nie meer as £5 vir elke volwasse manlike persoon te bowe gaan nie en sou ingevorder word op 'n wyse soos wat deur die goewerneur of sy plaasvervanger bepaal word. Afgesien hiervan het die goewerneur ook die bevoegdheid gehad om, soos hy dit geskik geag het, die persone wat beboet was die hele boete of 'n deel daarvan kwyt te skeld.[100]

Volgens die Naturelle-administrasiewet van 1880 is daar verder bepaal dat die misdade wat nie aan die jurisdiksie van die Administrateurs van Inheemse reg onderworpe was nie, deur die gewone howe van die Transvaal verhoor sou word op dieselfde wyse asof sodanige misdade deur blankes gepleeg is.[101]

Die wet het verder daarvoor voorsiening gemaak dat al die boetes en gelde wat kragtens die wet betaalbaar was, tot voordeel van die regering by die tesourie inbetaal moes word.[102] Aan die goewerneur of sy plaasvervanger is die bevoegdheid verleen om met die advies en toestemming van die Uitvoerende Raad, sodanige reëls en regulasies op te stel en orders uit te reik as wat hy van tyd tot tyd nodig en raadsaam geag het vir die behoorlike funksionering en uitvoering van hierdie wet. Reëls, regulasies en orders wat op hierdie wyse opgestel word, sou as deel van die wet beskou word en gevolglik dieselfde regskrag en effek besit.[103]

Hoewel die Naturelle-administrasiewet dieselfde inhoud as Wet No. 1. 26 van 1875 van Natal gehad het, het die twee wette tog in sekere opsigte van mekaar verskil. Anders as in die geval van die Natalse wet, het die Administrasiewet daarvoor voorsiening gemaak dat 'n appèl teen die uitspraak van 'n landdros in sy hoedanigheid as Administrateur van Inheemse reg, na die Sekretaris van Naturellesake gevoer word, terwyl daar ook nie vir 'n hoër hof vir die swartes in Transvaal voorsiening gemaak is nie. 'n Verdere verskil was dat in Transvaal die opstelling van reëls, regulasies en orders in verband met die prosedure en die wyse waarop sake in die howe van die Administrateurs van Inheemse reg hanteer moes word, op die Goewerneur-in-Uitvoerende Raad oorgegaan het.[104]

Kragtens 'n bepaling van die wet, sou die Naturelle-administrasiewet in werking tree op die datum waarop dit in die staatskoerant afgekondig word[105] – 'n afkondiging wat, soos die tyd sou leer, eers op 19 Julie 1881, meer as 'n jaar nadat die wet aangeneem is, sou geskied!

Uitgaande van die bepalings van die Naturelle-administrasiewet van 1880 met betrekking tot die administrasie van die swartes en gelet op die posisie wat die Sekretaris van Naturellesake in die administrasie van hierdie mense beklee het, is dit duidelik dat daar 'n administrasiestelsel vir die swartes in Transvaal tot stand gekom het wat soos volg daaruit gesien het. Aan die hoof van hierdie stelsel het die goewerneur of sy plaasvervanger as opperhoof oor al

100. ZAR 57, *Transvaal Government Gazette*, 19.7.1881: Wet No. 11. 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 13.
101. ZAR 57, *Transvaal Government Gazette*, 19.7.1881: Wet No. 11. 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 14.
102. ZAR 57, *Transvaal Government Gazette*, 19.7.1881: Wet No. 11. 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 15.
103. ZAR 57, *Transvaal Government Gazette*, 19.7.1881: Wet No. 11. 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 17.
104. E.H. Brookes, *The History of Native Policy in South Africa* ... p. 126; G.A. Brand, *Die Regspleging van die Bantoe in Suid-Afrika, Vol. I*, p. 197.
105. ZAR 57, *Transvaal Government Gazette*, 19.7.1881: Wet No. 11. 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 19.

die swart kapteins en swartes van Transvaal gestaan. As opperhoof het hy dieselfde bevoegdheid gehad as wat gewoonlik deur die reg, gebruike en gewoontes van die swartes aan 'n kaptein verleen word.[106] Verder kon hy al die mag en gesag wat ooreenkomstig die reg, gebruike en gewoontes van die swartes tradisioneel by 'n opperhoof berus het, oor al die kapteins en swartes van die Transvaal uitoefen. Met die goedkeuring van die Uitvoerende Raad het hy ook die bevoegdheid gehad om as opperhoof enige kaptein wat hom skuldig gemaak het aan 'n misdaad waardeur die vrede in Transvaal in gevaar gestel kon word, van sy kapteinskap te onthef en hom van die plek waar hy gewoon het te verwyder. Ook kon hy so 'n kaptein onder sodanige toesig en beperkings plaas as wat hy raadsaam geag het. Daar is egter uitdruklik bepaal dat hierdie optrede van die opperhoof nie deur 'n hof van Transvaal in hersiening geneem kon word nie.[107]

Onder die goewerneur as opperhoof, het die Sekretaris van Naturellesake as die hoofuitvoerende amptenaar van die Departement van Naturellesake gestaan wat vir die administrasie van die Transvaalse swart bevolking verantwoordelik was. Volgens die Naturelleadministrasiewet is daar, ondergeskik aan die Sekretaris van Naturellesake, verder voorsiening gemaak vir die aanstelling van blanke persone as Administrateurs van Inheemse reg, swart kapteins en -amptenare om gesag uit te oefen en reg te spreek oor die swartes van 'n bepaalde distrik.[108]

In soverre dit die regspleging onder die swartes betref, is daar ingevolge die Naturelleadministrasiewet vir 'n regsprekende stelsel voorsiening gemaak waarvolgens die Administrateurs van Inheemse reg, swart kapteins en -amptenare die bevoegdheid verkry het om binne die perke wat van tyd tot tyd deur die goewerneur bepaal sou word, siviele sake tussen die swartes van die stam of die gemeenskap wat onder hulle beheer geplaas is, te verhoor en uitspraak daarin te lewer.[109] Hierdie sake moes volgens die reg, gewoontes en gebruike van die swartes verhoor word vir sover dit nie met die aanvaarde beginsels van natuurlike geregtigheid strydig was nie.[110] Die Administateurs van Inheemse reg was dus siviele magistrate wat siviele sake tussen swartes volgens inheemse reg moes verhoor.[111] Tensy hulle 'n opdrag in die verband gehad het, het hulle geen fiskale pligte gehad nie.[112] Aangesien hulle jurisdiksie tot siviele sake tussen swartes en minder ernstige kriminele oortredings deur swartes beperk was, het hulle geen mag oor lewe en dood gehad nie.[113]

Die bevoegdheid om siviele sake te verhoor, is aan die swart kapteins en swart amptenare verleen met dien verstande dat in geval van 'n appèl teen die uitspraak daar 'n nuwe verhoor sou plaasvind voor die Administrateur van Inheemse reg van die distrik waar die appellant

---

106. ZAR 57, *Transvaal Government Gazette*, 19.7.1881: Wet No. 11. 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 3.
107. ZAR 57, *Transvaal Government Gazette*, 19.7.1881: Wet No. 11. 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 16.
108. ZAR 57, *Transvaal Government Gazette*, 19.7.1881: Wet No. 11. 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 5.
109. ZAR 57, *Transvaal Government Gazette*, 19.7.1881: Wet No. 11. 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 6; SS 449, adR3464/80 by R3464/80: Rules and Regulations proposed under Native Administration Law, klousule 2.
110. ZAR 57, *Transvaal Government Gazette*, 19.7.1881: Wet No. 11. 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 8.
111. ZAR 57, *Transvaal Government Gazette*, 19.7.1881: Wet No. 11. 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 8; C 3219, p. 92, par. 1976 en 1981: H.C. Shepstone se getuienis, voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881.
112. C 3219, p. 92, par. 1976: H.C. Shepstone se getuienis voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881.
113. ZAR 57, *Transvaal Government Gazette*, 19.7.1881: Wet No. 11. 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 9; C 3219, p. 92, par. 1980: H.C. Shepstone se getuienis voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881.

gewoon het.[114] Teen die uitspraak van die Administrateur van Inheemse reg kon weer na die landdros in sy hoedanigheid as Administrateur van Inheemse reg geappelleer word.[115] Kragtens die Naturelle-administrasiewet is aan die landdroste die bevoegdheid verleen om benewens gewone siviele sake tussen swartes[116] ook appèlsake teen die uitspraak van 'n swart kaptein of 'n swart amptenaar[117] en teen die uitspraak van 'n Administrateur van Inheemse reg aan te hoor[118] Indien 'n klaer ontevrede was met die uitspraak van 'n landdros in 'n gewone of 'n appèlsaak, het so 'n klaer 'n finale appèl na die opperhoof deur die Sekretaris van Naturellesake gehad.[119] Die opperhoof het dan die bevoegdheid gehad om die uitspraak van die Administrateur van Inheemse reg in sowel 'n siviele as kriminele saak te hersien en indien nodig, die uitspraak ter syde te stel of te wysig.[120]

Wanneer die regsprekende stelsel waarvoor die Naturelle-administrasiewet voorsiening gemaak het, vergelyk word met die wyse waarop die regspleging van ongeveer Januarie 1880 af onder die swartes uitgeoefen is, dan blyk dit dat daar afgesien van enkele uitsonderings feitlik geen verskil was tussen die regsprekende stelsel van die Naturelle-administrasiewet en dié wat van Januarie 1880 af van toepassing was nie. Soos later aangetoon sal word, is hierdie wet eers sowat drie weke voor Transvaal se teruggawe aan die Boere in Augustus 1881 geproklameer. Hierdie toestand van sake en die feit dat daar as gevolg hiervan nie blanke persone as Administrateurs van Inheemse reg aangestel is nie, het egter nie beteken dat daar van Junie 1880 af tot Julie 1881 geen reg onder die swartes gespreek is nie. Die feit dat die Transvaalse regering nog voor die aanname van die Naturelle-administrasiewet deur middel van die Naturellekommissarisse en die landdroste besig was om die regspleging onder die swartes uit te oefen op 'n wyse wat vir alle praktiese doeleindes dieselfde was as dié waarvoor hierdie wet voorsiening gemaak het, het tot gevolg gehad dat hoewel die wet nie na die aanname daarvan geproklameer is nie, hierdie amptenare nietemin voortgegaan het om reg onder die swartes te spreek. Trouens, selfs die Naturelle-administrasiewet het bepaal dat totdat die aanstellings gemaak word waarvoor hierdie wet voorsiening maak, al die werksaamhede wat van die Administrateurs van Inheemse reg verwag word, deur die landdroste in hulle hoedanigheid as Administrateurs van Inheemse reg en die reeds aangestelde Naturellekommissarisse gedoen moes word.[121] As gevolg hiervan het Henrique dan ook in Julie 1881 aan die Koninklike Kommissie te kenne gegee dat ofskoon die Naturelle-administrasiewet na die aanname daarvan in Junie 1880 nie geproklameer is nie, die Transvaalse regering nietemin

114. ZAR 57, *Transvaal Government Gazette*, 19.7.1881: Wet No. 11. 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 6; SS 449, adR3464/80 by R3464/80: Rules and Regulations proposed under Native Administration Law, klousule 3.
115. SS 449, adR3464/80 by R3464/80: Rules and Regulations proposed under Native Administration Law, klousule 10.
116. SS 449, adR3464/80 by R3464/80: Rules and Regulations proposed under Native Administration Law, klousule 13.
117. ZAR 57, *Transvaal Government Gazette*, 19.7.1881: Wet No. 11. 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 6; SS 449, adR3464/80 by R3464/80: Rules and Regulations proposed under Native Administration Law, klousule 3.
118. ZAR 57, *Transvaal Government Gazette*, 19.7.1881: Wet No. 11. 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 7; SS 449, adR3464/80 by R3464/80: Rules and Regulations proposed under Native Administration Law, klousule 10.
119. ZAR 57, *Transvaal Government Gazette*, 19.7.1881: Wet No. 11. 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 7; SS 449, adR3464/80 by R3464/80: Rules and Regulations proposed under Native Administration Law, klousule 13.
120. ZAR 57, *Transvaal Government Gazette*, 19.7.1881: Wet No. 11. 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 10.
121. ZAR 57, *Transvaal Government Gazette*, 19.7.1881: Wet No. 11. 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 8.

volgens die bepalings van hierdie wet gehandel het.[122] Die indruk wat deur sommige skrywers geskep word asof die Naturelle-administrasiewet (Wet No. 11, 1881) met die oog daarop dat dit eers in Julie 1881 geproklameer is, geensins gedurende die Britse bewind in Transvaal in werking gestel is nie, is dus nie korrek nie.[123]

Die feit dat die Britse regering in Transvaal die wet toegepas het, het onder andere tot gevolg gehad dat Henrique Shepstone met die loop van tyd met ander oë na sekere bepalings van die Naturelle-administrasiewet begin kyk het. In Julie 1880 het hy daaraan begin twyfel of die intermediêre appèl van die Naturellekommissarisse na die landdroste en daarna na die Sekretaris van Naturellesake behou moes word. Waarskynlik as gevolg van die aanstelling van meer Naturellekommissarisse en met die oog daarop om nie die swartes met te veel amptenare te verwar oor wie die hoof van 'n distrik was nie, was hy van mening dat dit die beste sou wees indien daar slegs een appèl, naamlik van die Naturellekommissarisse na die Sekretaris van Naturellesake sou wees.[124] Hoewel daar geen bewys teruggevind kon word dat daar 'n verandering in hierdie opsig teweeggebring is nie, het Henrique nietemin in sy getuienis voor die Koninklike Kommissie verklaar dat daar teen die uitspraak van 'n Naturellekommissaris na die goewerneur as opperhoof deur die Sekretaris van Naturellesake geappelleer kon word.[125] Dit wil dus voorkom asof die intermediêre appèl in die distrikte waar daar sowel 'n landdros as Naturellekommissaris was, op die een of ander stadium laat vaar is.

Afgesien van die statutêre bepalings in verband met die regspleging onder die swartes, was daar ook 'n aantal ander sake wat hiermee in verband gestaan het en waarop die aandag ten slotte gevestig moet word. In die uitoefening van hulle regspraak het die Naturellekommissarisse nie as assessore vir die swart kapteins nie, maar geheel en al onafhanklik opgetree.[126] Aangesien inheemse reg ongekodifiseerd was, het die Naturellekommissarisse, afgesien van wat hulle self in verband met die swartes se reg en gewoontes geleer het, inligting oor inheemse reg by die ouer swartes gekry. Oor die algemeen het die Naturellekommissarisse 'n hoofman by hulle op kantoor gehad wat hulle met betrekking tot inheemse reg geadviseer het.[127] Wanneer daar 'n siviele geding tussen swartes ontstaan het, het die partye tot die geding die reg gehad om hulle eie hof te kies.[128] Dit het hulle met ander woorde geheel vry gestaan om indien hulle dit sou verkies, hulle saak eers aan die kaptein voor te lê[129] ofskoon daar ook geen verhindering was om die geding direk na die hof van die Naturellekommissaris te neem nie.[130] Selfs in die geval van siviele sake wat uit eise in verband met huweliksgewoontes en erfenisse – wat nogal baie voorgekom het[131] – gespruit het, het die swartes hierdie sake nie

---

122. C 3219, p. 93, par. 2005: H.C. Shepstone se getuienis voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881.
123. Sien in die verband o.a. E.H. Brookes, *The History of Native Policy in South Africa ...*, p. 125 en G.A. Brand, *Die Regspleging van die Bantoe in Suid-Afrika*, Vol. I, p. 197.
124. T. Shepstone Papers, Vol. 45: H. Shepstone – T. Shepstone, Zoutpansberg, 8.7.1880.
125. C 3219, p. 92, par. 1988: H.C. Shepstone se getuienis voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881.
126. C 3219, p. 92, par. 1985: H.C. Shepstone se getuienis voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881.
127. C 3219, p. 92, par. 1989: H.C. Shepstone se getuienis voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881.
128. C 3219, p. 92, par. 1997: H.C. Shepstone se getuienis voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881.
129. C 3219, p. 92, par. 1985: H.C. Shepstone se getuienis voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881.
130. C 3219, p. 92, par. 1997: H.C. Shepstone se getuienis voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881.
131. C 3219, p. 92, par. 1995: H.C. Shepstone se getuienis voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881.

noodwendig aan die kaptein voorgelê nie.[132]

Indien 'n Naturellekommissaris 'n kaptein se uitspraak gehandhaaf het en die swartes wat teen die kaptein se uitspraak geappèlleer het, sou weier om aan die kaptein se beslissings gehoor te gee, het die Naturellekommissaris die bevoegdheid gehad om die kaptein se beslissing op hom af te dwing.[133] Die feit dat 'n kaptein se uitspraak aan appèl onderhewig was, het in werklikheid daarop neergekom dat die kaptein se optrede en beslissings, soos sir Theophilus Shepstone aangevoer het, aan toesig onderworpe was.

**Die Naturelle-administrasiewet word verlê en in Julie 1881 deur die Koninklike Kommissie as Wet No. 11 van 1881 geproklameer**

Sowat drie weke nadat die Naturelle-administrasiewet van 1880 deur die Wetgewende Vergadering aangeneem is, het Lanyon gelas dat die prokureur-generaal ondersoek moes instel of enige van die wette wat deur die Wetgewende Vergadering op die wetboek geplaas is vir goedkeuring deur die kroon gereserveer moes word. In die uitvoering van hierdie opdrag het Morcom tot die besluit gekom dat die Naturelle-administrasiewet wel vir goedkeuring gereserveer moes word of ten minste eers vir verdere instruksies aan die Hoë Kommissaris voorgelê moes word.[134]

Die feit dat die Naturelle-administrasiewet eers goedgekeur moes word, het gevolglik beteken dat die wet nie geproklameer kon word nie. Dit en die bepaling dat die wet eers in werking sou tree nadat dit in die staatskoerant geproklameer is,[135] het dus inderdaad beteken dat alvorens dit nie deur die kroon goedgekeur is nie, die wet 'n dooie letter was.

Na heelwat vertraging en met die oog op die goedkeuring van die wet deur die Minister van Kolonies, het Morcom in November 1880 'n verslag oor die Naturelle-administrasiewet opgestel. Hierin het hy 'n uiteensetting van die belangrikste bepalings van die wet gegee, daarop gewys dat die wet noodsaaklikerwys vir die kroon se goedkeuring gereserveer is en dat dit 'n maatreël is wat na sy mening met reg deur die kroon goedgekeur sou word.[136]

Minder as 'n maand hierna het die Eerste Vryheidsoorlog op 16 Desember 1880 uitgebreek. Tydens die beleg van Pretoria, het Lanyon by Henrique navraag oor die Naturelle-administrasiewet gedoen en het hy Lanyon se aandag daarop gevestig dat die wet nog nie Engeland toe gestuur is nie.[137]

Met hierdie stand van sake was dit eintlik vanselfsprekend dat met die oog op die teruggawe van die Transvaal aan die Boere na afloop van die oorlog, die Naturelle-administrasiewet van 1880 die aandag van die Koninklike Kommissie sou ontvang. Reeds in sy getuienis voor die Kommissie op 6 Julie 1881, het Henrique Shepstone die Kommissie se aandag op die wet

132. C 3219, p. 92, par. 1996: H.C. Shepstone se getuienis voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881.
133. C 3219, p. 92, par. 1988: H.C. Shepstone se getuienis voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881.
134. SS 436, R2677/80: Nota van W.B. Morcom – Koloniale Sekretaris, 3.7.1880; SP 382, p. 260: Nota van W.B. Morcom – Koloniale Sekretaris, 3.7.1880.
135. ZAR 57, *Transvaal Government Gazette*, 19.7.1881: Wet No. 11. 1881, "Law to make provision for the better Government ...", art. 19.
136. SP 382, pp. 513-519: Statement upon the Bill "To make provision for the better government of and administration of justice among the native population of this Province", opgestel deur W.B. Morcom, 19.11.1880; SS 449, adR3464/80 gevoeg by R3464/80: Statement upon the Bill "To make provision for the better government ...", W.B. Morcom, 19.11.1880; SP 262, p. 168: W.B. Morcom – Privaatsekretaris, 19.11.1880.
137. C 3219, p. 93, par. 2010: H.C. Shepstone se getuienis voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881.

gevestig.[138] Hy het daarop gewys dat ofskoon die wet nog nie geproklameer is nie en dus ook nie van krag was nie, die Transvaalse administrasie nietemin volgens die wet gehandel het.[139] Onder hierdie omstandighede is daar onmiddellik besef dat indien die Naturelle-administrasiewet as 'n wet wat van krag was, in die Pretoria-Konvensie opgeneem moes word, dit voor die teruggawe van die Transvaal aan die Boere, as wet geproklameer moes word.[140] Ten einde die noodsaaklikheid hiervan te beklemtoon, het Henrique aangevoer dat ofskoon die swartes volgens die wette van die Zuid-Afrikaansche Republiek kragtens die gemene reg regeer moes word, die Boere dit nie kon doen nie en die swartes gevolglik ooreenkomstig inheemse reg regeer is.[141] Slegs uit hierdie oogpunt beskou, kon daar dus nie sonder die Naturelle-administrasiewet oor die weg gekom word nie. 'n Verdere voordeel van die wet was dat dit die bevoegdheid wat aan die veldkornette verleen was om die swartes te beboet, lyfstraf toe te dien en in die gevangenis te sit en wat die Britse administrasie nadelig bevind het, van hulle weggeneem het.[142]

'n Dag nadat Henrique sy getuienis voor die Koninklike Kommissie gelewer het, het hy op 7 Julie 1881 'n memorandum met betrekking tot die Naturelle-administrasiewet, na dit wil voorkom, aan sir Evelyn Wood, een van die lede van die Kommissie, voorgelê.[143] Hierdie memorandum was waarskynlik Morcom se verslag oor die wet wat hy reeds in November 1880 opgestel het. Twee dae later is hierdie verslag met 'n begeleidende skrywe van Wood aan die Koninklike Kommissie voorgelê. Hierin het hy daarop gewys dat in afwagting van die goedkeuring van die wet deur die Minister van Kolonies, die Naturelle-administrasiewet nooit geproklameer is nie, maar dat kragtens 'n bepaling van die wet dit in werking sou tree nadat dit in die Transvaalse staatskoerant geproklameer is. Met die oog op die bestaande omstandighede en die toekomstige administrasie van die swartes kragtens die bepalings van die wet, het hy aan die Koninklike Kommissie voorgestel dat dit wenslik was dat die Naturelle-administrasiewet van 1880 sonder meer deur hom geproklameer moes word.[144]

Waarskynlik nog voordat Wood 'n antwoord op hierdie voorstel ontvang het, het hy enkele dae hierna 'n verdere skrywe aan die Koninklike Kommissie gerig. Hierin het hy verduidelik dat hy intussen verneem het dat die rede waarom die Naturelle-administrasiewet nie na die aanname daarvan in Junie 1880 vir goedkeuring aan die Minister van Kolonies voorgelê is nie, toegeskryf moes word aan die feit dat die stukke wat op die wet betrekking het, verlê is en eers kort voor die uitbreek van die Eerste Vryheidsoorlog teruggevind is. Ter oorweging van die Kommissie het hy gevolglik voorgestel dat 'n telegram aan lord Kimberley, die Minister van Kolonies, gestuur moes word waarin die rede vir die vertraging met die wet verduidelik en die aard van die wet uiteengesit moes word. Ook moes Kimberley versoek word om sy goedkeuring van die wet onmiddellik per telegram na Pretoria te stuur, sodat die Naturelle-adminis-

138. C 3219, p. 92, par. 2010: H.C. Shepstone se getuienis voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881. Die bewering (par. 2002 en 2008) dat die Naturelle-administrasiewet van 1880 in April 1880 deur die Wetgewende Vergadering goedgekeur is, is nie korrek nie.
139. C 3219, pp. 92-93, par. 2003 en 2005: H.C. Shepstone se getuienis voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881.
140. C 3219, p. 93, par. 2006: H.C. Shepstone se getuienis voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881.
141. C 3219, pp. 92-93, par. 2003 en 2009: H.C. Shepstone se getuienis voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881.
142. C 3219, p. 93, par. 2013-2014: H.C. Shepstone se getuienis voor die Koninklike Kommissie op 6.7.1881.
143. SS 449, R3464/80: Nota van H.C. Shepstone, 7.7.1881.
144. SS 449, R3464/80: Memo. for Royal Commissioners, E. Wood, 9.7.1881 en waarby adR3464/80: Statement upon the Bill "To make provision for the better government of, and administration of justice among the native population of this Province", opgestel deur W.B. Morcom, 19.11.1880.

trasiewet deur Wood geproklameer kon word.[145] Enkele dae hierna het sir Evelyn Wood, as amptenaar belas met die Transvaalse regering, die wet op advies van die Koninklike Kommissie goedgekeur.[146]

Op 14 Julie 1881 het Godfrey Lagden die koloniale sekretaris hiervan in kennis gestel en hom terselfdertyd versoek om die nodige stappe te neem ten einde die wet dadelik te proklameer.[147] Vyf dae hierna, op 19 Julie 1881, sowat drie weke voordat die Transvaal op 8 Augustus aan die Boere teruggegee is, is die Naturelle-administrasiewet van 1880, wat reeds in Junie 1880 deur die Wetgewende Vergadering aangeneem is, as Wet No. 11 van 1881 in die staatskoerant gepubliseer.[148]

145. SS 449, R3464/80: Memo. for R(oyal) C(ommission), ongeteken en g.d., maar opgestel deur E. Wood, Julie 1881.
146. C 3114, p. 155, No. 12g by bylaag: St. Leger Herbert, Sekretaris van die Koninklike Kommissie en waarby aangeheg (pp. 155-157) Wet No. 11 van 1881.
147. SS 449, R3464/80: Nota van G.Y. Lagden – Koloniale Sekretaris, 14.7.1881.
148. ZAR 57, *Transvaal Government Gazette,* 19.7.1881: Wet No. 11, 1881, Law "To make provision for the better Government of, and Administration of Justice among the Native Population of this Province", 14.7.1881; Vir die Nederlandse teks van die wet, sien Ibid., Wet No. 11, 1881, Wet "Om voorziening te maken voor beter bstuur en betere Regtsbedeeling onder de Inboorlingbevolking dezer Provincie", 14.7.1881.